# HOOFSTUK II

## HISTORIESE AGTERGROND: DIE ONTWIKKELING EN BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN SUID-AFRIKA TOT 1910

### INLEIDING

Gedurende die negentiende eeu het daar in Europa onder invloed van manne soos Pestalozzi, Herbart, Fröbel en Montaigne 'n ommeswaai gekom sodat die formalistiese opvoedkundig-sielkundige onderwys vervang is met 'n stelsel van praktiese onderwys. Die Tatschule was meer daarop gemik om die leerling deur persoonlike aktiwiteite die weg te laat baan tot selfuitdrukking en selfontplooiing[1] en Kerschensteiner het in Duitsland en Dewey in Amerika die nuwe wending teweeggebring deur die daarstelling van 'n onderwysstelsel wat die nywerhede en die volkshuishouding tot groot hoogtes laat styg het. Hierdie soort opvoedkunde het geleidelik oor die hele beskaafde wêreld versprei en ook Suid-Afrika teen die einde van die negentiende, maar veral aan die begin van die twintigste eeu, beïnvloed, sodat

> "an attempt was made to introduce such subjects as handwork, woodwork etc." [2]

Terwyl Kerschensteiner as Direkteur van Onderwys in München, Duitsland, in 1895 hervormings aangebring het, het hy die instelling van voortsettingsklasse en industriële opleiding in sy skema met so 'n mate van sukses ingevoer dat dit die hele wêreld beïndruk het. In Suid-Afrika het die ontdekking van diamante en goud die rustige pastorale lewe van die Boervolk tot in sy fondamente geskud, want groot stedelike omgewings het soos plakkersdorpe oornag ontstaan; spoorwegaanbouing vanaf die kusgebiede is met 'n onrustige tempo aangepak en daar was 'n groot instroming van "Uitlanders" en fortuinsoekers asook van geskoolde vakmanne. [3]

---

1. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 11.
2. Mc Kerron: A History of Education in S.A.(1652-1932), 102.
3. Ibid, 103

Vanselfsprekend dat die kerke hulle die toestand van die onopgewasse landelike bevolking, wat stelselmatig ook ŉ heenkome in die stedelike gebiede gaan soek en dan weens swak opleiding met slegs afvalwerkies tevrede moes wees, begin aantrek en sodoende die armblankevraagstuk d.m.v. industriële skole en doelgerigte onderwys probeer oplos het. Etlike plaaseienaars het die spanne osse en waens gebruik om goedere te vervoer van die kusstede na die binneland, andere het hul boerdery ter wille van die stygende produktemarkte gemoderniseer, maar Suid-Afrika is onverhoeds gevang en het ŉ agterstand moes inhaal op sowel onderwys as industriële en tegniese gebied wat bykans te groot was onder die omstandighede.

> "It has been said that education does not lead but rather follows social development", [1]

en in Suid-Afrika het dit t.o.v. die industriële en tegniese onderwys baie juis en waar geblyk. Tegniese onderwys moes volg op die gebruik van die talle groot masjiene in die groeiende nywerhede, maar die industriële onderwys was ŉ begeerte om die Armblankevraagstuk op te los. Hierdie stigma aan die industriële onderwys bly vandag nog steek en word steeds voortgedra deur die naywer, gebore uit die verskillende losstaande skoolstelsels in Suid-Afrika.

Verskeie kommissies het die armblankevraagstuk en werkloosheid in Suid-Afrika ondersoek[2] en telkemale met die vinger na die onderwys en opvoeding gewys. Uit hul aanbevelings is die meeste van die beroepsonderwysskole gebore, veral landbou-, industriële- en huishoudskole, wat reeds voor Uniewording in 1910 belangrike werk vir die doel waarvoor hulle opgerig is, verrig het. Ambagskole en tegniese skole het hul ontstaan aan die behoeftes van die land se groot nywerhede te danke.

---

1. Mc Kerron: A History of Education in South Africa, 104.
2. De Villierskommissie in 1880; Barrykommissie 1891; "Preliminary Report on the State of Education in the Colony of the Cape of Good Hope" Ross 1883; en die Kaapse Onderwyskommissie 1902.

## A. DIE ONTWIKKELING VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN DIE KAAPKOLONIE EN DIE BEHEER DAARVAN TOT 1910

### 1. BEROEPSONDERWYS VAN 1806 TOT 1892

Behalwe dat daar gemeld is dat die skool "Tot Nut" sang, tekene en handwerk[1] ook aan sy leerlinge onderrig het, word nêrens melding gemaak van enige beroepsonderwys in die Kaapse skole nie totdat die De Villiers kommissie in 1880 aanbevelings gemaak het, dat die sterk vormende vakke ingekrimp word om vir natuurwetenskaplike vakke plek in te ruim. Hierdie aanbeveling het Dale ongemerk laat verbygaan omdat hy ŉ sterk voorstander van die klassieke stelsel was. Tog is Donald Ross as inspekteur-generaal van skole aangestel en het hy diens aanvaar op 4 Mei 1883. Na ŉ landsreis bring hy ŉ voorlopige rapport uit[2] en verklaar dat die Afrikaanse ouer praktiese vakke bo die "miserable smattering of Latin and Greek" verkies. Ook stel hy die vraag in sy rapport aan die Parlement:

> "Do the merchants of the sea ports and other commercial centres prefer the smattering of Latin and Greek to a thorough training in commercial subjects?"

Hy wys verder daarop dat die doelstelling van ŉ skool moet wees om ŉ aangename karakter te kweek en behalwe die intellektuele en morele waardes mense vir hul lewenstaak voor te berei.[3]

### 2. BEROEPSONDERWYS VAN 1892-TOT 1910

#### Inleiding.

Thomas Muir het flink op die aanbevelings van die Barryverslag gereageer en verklaar in sy jaarrapport van 1892:

> "If it comes to be recognised that the be-all and the end-all of an elementary school training is the passing of a certain written examination ....... and if under the pressure of this recognition such subjects as Reading, Recitation, Drawing, Science, Singing, Sewing, Boy's Handiwork, Drill and Physical Training go to the wall, there will be uncommonly little hope for the rising generation.[4]

---

1. Coetzee: Onderwys in S.A., 48.
2. "Preliminary Report on the State of Education in the Colony of the Cape of Good Hope" Kaapstad, 1883.
3. Sien ook die De Villierskommissieverslag, 23.
4. S.G.O.: Jaarrapport 1892, 15.

Hier is vir die eerste keer in die geskiedenis van onderwys in Kaapland melding gemaak van n onmiskenbare plek van die beroepsonderrig in die onderwys.

(a) <u>Beroepsonderwys in die gewone skole</u>

Die nuwe leerplan vir die hele onderwyskursus is netjies gegradeer van die laagste tot die hoogste klas en het dit die leerlinge voorberei vir n deeglike sekondêre kursus in st. 7 of die "Ex-standerds". Hierdie leerplan het in 1895 in werking gekom en was in al die skole van toepassing. Waar daar maar 39,797 leerlinge uit n moontlike 99,280 op die skoolbanke in die Kaapkolonie was,[1)] het Muir met die leerplan probeer om arm kinders te trek en dan vir die lewe voor te berei. Toelaes is toegestaan

> "for the training of indigent and neglected poor children" en "schools for poor whites" [2)]

is gestig sodat sy leerplan, wat in die behoeftes van die tyd voorsien, tot groter voordeel kan wees.[3)]

Behalwe die drie R'e moes die leerlinge ook Aardrykskunde en Handwerk leer. Die dogters moes Naaldwerk vir die Eerste, Tweede-, Derde- en Vierdegraadsertifikaat volg. Om dan in die vak te spesialiseer, kon nog twee kursusse plus n onderwyserseksamen afgelê word. Die Kookkunskursus is ook ingedeel vir vier sertifikate met twee daaropvolgende eksamens om in die vak te spesialiseer. Hierdie leerlinge kon dan aan n opleidingskollege met n st.7- sertifikaat n Derdeklasonderwysdiploma verwerf. Die musiekeksamen is ingestel vir teorie en praktiese klavier of ander instrumente. Ook in hierdie vak of in sang kon leerlinge na aflegging van die sertifikaatseksamen spesialiseer om onderrig privaat te gee of selfs onderwyssertifikate te verwerf. Twee instruktrises was verantwoordelik vir die vak in die

---

1. Barry-kommissieverslag 1891-92. Aangehaal Du Preez van Wyk: Die invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse skoolwese 1806-1915, 147.
2. Proklamasie nr. 388 van 1893, Art. 12.
3. van Zyl: Die Reorganisasie van Kaapland se Skoolstelsel, 51.

Kaapkolonie. Tekene was ŉ ander handwerkvak waarin sertifikate verwerf kon word en ook hierdie skema is deur die twee instrukteurs opgestel wat stelselmatig tot diplomakursusse gelei het.[1)]

Vir die seuns was Houtwerk die belangrikste vak in die handwerkrigting. Seuns kon eers na bereiking van hul dertiende jaar met die vak begin en was dus vir die eerste tyd van hul skoollewe verplig om Tekene te neem en in 1905 beveel die instrukteur aan dat Kartonwerk in die tussentyd geneem kan word. Die Houtwerksillabus het dan ook standerdsgewyse ontwikkel en na die vierde sertifikaat in die skool verwerf is, kon die seuns na ŉ opleidingskollege of hoërskool gaan om in die vak te spesialiseer as onderwyser of as werksman. Metaalwerk is ook aan leerlinge voorsien in enkele skole, terwyl die aandskole Boukonstruksie, Masjienkonstruksie en Tekene (geometries) in eerste-, tweede- en derdejaarskursusse voorsien het.[2)]

Industriële afdelings aan gewone A.1-skole is orals in die gebied in die lewe geroep, omdat dit baie goedkoper was om by bestaande skole werkwinkels in te rig as om spesiale industriële skole te stig. So was daar in 1909 vir seunsopleiding 159 skole teenoor die 34 wat reeds in 1904 bestaan het.[3)] Waar dogters naaldwerk in die gewone klasse kon neem in die A2 en A3 skole, was dit egter noodsaaklik om vir huishoudkunde en Kookkuns sentrums by te voeg. In 1904 is ŉ spesiale instruktrise aangestel vir hierdie afdeling en het die aantal skole van 7 in 1904 tot 53 in 1909 gestyg. Naaldwerk is in 1894 aan 1,141 skole gegee en het tot in 1909 aangegroei om 2,389 skole te betrek. Tekene het in skole toegeneem van 343 in 1895 toe dit ingevoer is tot 1,885 in 1909, terwyl Musiek, met ŉ onderafdeling Sang, van 545 in 1894 tot 2,749 in 1909 toegeneem het. Natuurwetenskap en Landbou was van die vakke waarmee eers in 1908 ŉ begin gemaak is. Hiervoor

---

1. S.G.O.: Jaarrapporte, 1893, 1894, 1904 en 1908.
2. S.G.O.: Jaarrapporte, 1893, 15 en 1905, 269 a.
3. S.G.O.: Jaarrapporte 1909, 8 - 9.

moes 'n laboratorium sowel as 'n skooltuin verkry word by die skole wat dit wou voorsien.[1]

Bygaande t-bel toon die beroepsvakke aan wat in die gewone skole aangebied is. Die syfers toon 'n vergelyking aan en die agterste syfer in elke kolom is vir 1909 en die eerste vir 1895.

Tabel 1

Beroepsvakke in Kaapse Skole in 1895 en 1909

| Vakke | Getal Skole | | Getal leerlinge | |
|---|---|---|---|---|
| | 1895 | 1909 | 1895 | 1909 |
| Landbou | 4 | 0 | 53 | 0 |
| Mandjievleg | 2 | 3 | 50 | 53 |
| Grofsmedery | 1 | 2 | 2 | 15 |
| Boekbindery | 1 | 1 | 4 | 1 |
| Boekhou | 9 | 6 | 133 | 45 |
| Plantkunde | 3 | 35 | 131 | 917 |
| Skeikunde | 5 | 23 | 128 | 779 |
| Kookkuns | 1 | 53 | 13 | 1,334 |
| Huishoudkunde | 7 | 10 | 62 | 65 |
| Tekene | 343 | 1,885 | 14,166 | 74,298 |
| Kleremakery | 7 | 8 | 144 | 140 |
| Liggaamsopvoeding | 320 | | 21,390 | |
| Dinamika | 120 | 0 | 369 | 0 |
| Dekoratiewe werk | 11 | 0 | 93 | 0 |
| Tuinbou | 30 | 8 | 600 | 380 |
| Wasserywerk | 2 | 12 | 43 | 286 |
| Messelary | 2 | 0 | 17 | 0 |
| Musiek (teorie | 3 | 184 | 59 | 2,530 |
| Skilder | 3 | 19 | 25 | 217 |
| Drukwerk | 1 | 3 | 9 | 46 |

1. S.G.O. Jaarrapport 1909, 18.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Naaldwerk | 1,290 | 2,389 | 33,357 | 61,319 |
| Skoenmakery | 7 | 6 | 139 | 118 |
| Snelskrif | 3 | 9 | 44 | 67 |
| Sang bladlees | 627 | 2,749 | 36,110 | 125,322 |
| Wamakery | 1 | 3 | 10 | 37 |
| Houtwerk | 34 | 159 | 1,063 | 6,478 |
| Skrynwerk | 0 | 5 | 0 | 99 |
| Ontwerp | 0 | 3 | 0 | 18 |
| Masjienkonstruksie | 0 | 2 | 0 | 23 |
| Snyers | 0 | 3 | 0 | 39 |

In bostaande tabel is die eerste getal vir die jaar 1895 en die tweede getalle by elke afdeling vir die jaar 1909. Sien vir die tabelle S.G.O. Jaarrapporte 1895 en 1909. Bylae Statistieke.

### 3. TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS AAN BEROEPSKOLE VAN 1892 TOT 1910

#### Inleiding

Na Muir se landsreis het hy besef wat in die onderwys verkeerd was. Daar was n hopelose verouderde en swak georganiseerde onderwysstelsel wat glad nie rekening gehou het met die behoeftes van die land na die ekonomiese veranderinge ingetree het nie. In die stedelike lewe was daar onvoldoende geriewe vir die opleiding van mense vir die handelslewe en die werktuigkundige werksplekke van die spoorweë. Op die plattelandse dorpe was daar n skreeuende nood na behoorlik toegeruste leerkragte wat met albei voete in die lewe staan en aan leerlinge praktiese lewensnuttige vakke kan onderrig. Huismoeders, boere en werkslui moet gekweek word, en die belangrikste van alles was die opheffing van die armblanke deur hom uit sy onkundeslaap deur skoling wakker te skud. "Organization ought to keep pace with growth",[2] het hy in sy toekomsblik verklaar. Die "Onderwysgazette" sowel as

1. Coetzee e.a.: Onderwys in Suid-Afrika, 76.

die "Educational Manual" is gepubliseer om leiding te gee aan plaaslike komitees en leerkragte en 'n lewendige inspektoraat is geleidelik aangestel om te "inspect because he wishes to know how to help".[1] Organiseerders van beroepsvakke is ingestel soos die beroepsopleiding uitgebrei het en teen 1910 was daar reeds dertien vakkundiges wat beheer oor die beroepsonderwys uitgeoefen het.[2]

(a) Industriële skole

Hierdie soort skool het sy oorsprong in die Nuwe Skoolregulasies van 1893 en in die "Staatskoerant" van 29 Desember 1893, waarin die Superintendent-generaal van Onderwys die rigtings en weë omskryf het waarvolgens hierdie skole gestig kon word. Eerstens dien gemeld te word dat die soort skool vir blanke kinders bedoel is, "a school in which the instruction provided would be mainly manual".[3] Twee skole het dientengevolge ontstaan. Die skool in Kaapstad het sy leerlinge deur instrukteurs in die werkwinkels in die stad laat oplei, hoewel die gewone klasse in die skool plaasgevind het, terwyl die ander skool in Uitenhage werkwinkels met instrukteurs aan die skool verbonde vir die opleiding opgerig het. Die verskil tussen die twee skole, wat die opleiding betref, is dat die een te Uitenhage net twee maal meer per leerling gekos het, as die een in Kaapstad.[4] Laasgenoemde skool het dan ook 'n groot sukses geblyk te wees en daar is aan die hand gedoen dat die skool te Uitenhage meer op landbou moet toespits sodat dit dus meer "a Farm Industrial School" word, wat ekonomies bestuur kan word.

> "The need for attending to agricultural education cannot be questioned; in the end more farmers will be wanted than tradesmen, and it would therefore be a great mistake to try to produce only the latter.[5]

Behalwe die veldwerk en die landerye is daar ook houtwerk en smedery wat leerlinge in die soort skool moes bybring.

---

1. Sy Sirkulêre as handleiding vir Inspekteurs van 1892, g.k. nr. 805.
2. S.G.O.: Jaarrapport 1910, Aanhangsel, 2(a).
3. S.G.O.: Jaarrapport 1895, 9.
4. Ibid., 10.
5. S.G.O.: Jaarrapport 1896, 8.

Albei die soorte skole het nog in die kinderskoene gestaan en moes deur die jare van bestaan die nuwe koers soek. Eindelik word in 1909 verklaar dat die skool van Uitenhage

> "has been most successful. Its pupils have been turned out fit to earn a decent livelihood. This class of school might with advantage be increased, and negotiations in that direction are proceeding." 1)

Aan die hand word gedoen dat opgeleide manne die vakke in die skool moet doseer en dat geensins van gewone ontwikkelde persone gebruik gemaak kan word nie.[2)]

Wat die skool te Kaapstad betref, het dit geleidelik agteruitgegaan en is die opmerking in 1909 teenoor hierdie soort opleiding, waar die leerling in die werkwinkel van die besighede in die stad prakties onderrig moes word, dat dit onsuksesvol was.[3)]

In die jaar 1900 se jaarrapport van die Superintendent-generaal van Onderwys word van die volgende industriële skole melding gemaak: Worcester Industriële Skool vir Seuns, met 27 leerlinge;[4)] Industriële Skool Uitenhage met 41 leerlinge, Stellenbosch Industrial Home Skool met 26 leerlinge; Stellenbosch Rhenish Inst. Housekeeping Skool met 34 leerlinge; Industriële Skool vir Seuns Paarl met 16 leerlinge; Wellingtonse Industriële Skool vir dogter met 35 leerlinge; Industriële Skool te Graaff-Reinet vir Dogters met 28 leerlinge; Industriële Skool vir Seuns in Kaapstad met 28 leerlinge; "Salesian Institute", Kaapstad met 43 leerlinge; Wynbergse Industriële Skool vir dogters met 23 leerlinge; en Grahamstad se Huishoudskool met 29 leerlinge.[5)]

---

1. S.G.O. Jaarrapport, 1909, 8.
2. Ibid., 8.
3. Ibid.
4. Visagie: Die Ontwikkeling van Blanke Onderwys in Worcester K.P. tot 1925, (M.Ed.), 136.
5. S.G.O. Jaarrapport, 1900, 46 - 127b.

Die vakke wat meestal in die seunsafdelings gegee is, het bestaan uit die volgende: Boekbindery, Lettersettery, Skrynwerk, Tekene, Houtwerk (Meubelmakery), Werktuigkunde, Skoenmakery, Snyerswerk en Wamakery.[1]

Hierteenoor het die dogters die volgende vakke geneem: Huishoudkunde, Kookkuns, Kleremakery, Wasserywerk, Naalwerk, Higiëne en Fisiologie (elementêr)[2].

Met die industriële skole was dit nie anders as met die gewone skole nie en het hulle spoedig van die toneel verdwyn sodat daar in 1909 met Uniewording net die volgende industriële skole in Kaapland bestaan het: Adelaide, "Salesian Institute", Kaapstad, Stellenbosch en Uitenhage vir seuns en vir dogters: Grahamstad Huishoudskool, Graaff-Reinet, Wellington en 38 afdelings aan gewone skole waar huishoudkundige vakke onderrig is.[3]

Die vakke is nie sonder meer gegee nie, maar is behoorlik geskematiseer sodat daar jaarliks na eksamenaflegging ŉ hoër standaard bereik is. So het die kursusse vir leerlinge drie jaar geduur en kon met verdere studie aangegaan word vir professionele sertifikate, of indiensreding by werknemers. Leerlinge in industriële skole is slegs toegelaat as hulle dertien jaar oud is en hulle moet kinders wees van armoedige ouers.[4] Dit het dus niks te doen met die "Reformatories" waarmee die soort skool in Engeland saamgeskakel is nie.[5] In 1910 was dit reeds al duidelik dat die soort onderwys vir seuns en dogters uiters geslaag was en dat die soort skole op ŉ groter skaal aangepak kon word.[6]

(b) Huishoudskole

Daar het reeds drie industriële skole[7] vir seuns in 1898 bestaan

---

1. S.G.O.: Jaarrapport 1900, 140b.
2. Ibid.
3. S.G.O.: Jaarrapport 1909, 56 a.
4. Ibid., 9.
5. Ibid., 8.
6. S.G.O.: Jaarrapport 1910, 4.
7. Die skole te Uitenhage, Kaapstad en Stellenbosch.

en word in die Superintendent-generaal se verslag melding gemaak van skole ook vir dogters.

> "In the year now being dealt with, however, two schools to provide indigent girls with a training in domestic work were started, one at Wellington and the other at Graaff-Reinet: and preliminary arrangements were made for one or two others."[1]

In 1903 is Craib en Mc Jannet benoem om die tekortkominge van die industriële skole, wat van 1893 af tot stand gekom het, na te gaan en aanbevelings te doen. Die rapport kon egter nie van waarde wees nie voordat die groot aantal verwaarloosde en gebrekkige kinders nie eers deur wetgewing van die parlement in spesiale skole verplig word nie.[2]

In Grahamstad is die derde spesiale huishoudskool gestig en is 'n spesiale instruktrise, mej. M.C. Mc Iver, in 1903 aangestel om leiding te gee waar nodig vir die stigting van Kookkuns en Huishoudkunde.[3] In haar eerste jaarrapport van 1905 maak sy gewag van die volgende inrigtings wat sy besoek het met die oog op Huishoudkunde en Kookkuns.

TABEL 2

Skole wat opleiding in Huishoudkundevakke gee

| Afdeling | Skool | | Getal Leerlinge |
|---|---|---|---|
| Albanie | Grahamstadhuishoudskool | sp | 23 |
| Albanie | " Douglas | A3 | 25 |
| Albanie | " Elementair | A3 | 4 |
| Albanie | " St. Joseph's (R.K.) | A3 | 3 |
| Albanie | " St. Peter's (E.K.) | A3 | 34 |
| Kaapse Voorstede & Distrik | Simonstad Hoër | A1 | 25 |
| " | Wynberg Hoër | A1 | 23 |
| Kaapstad | Goeiehoop Seminaar H. | A1 | 9 |
| Kaapstad | Groenpunt Meisies | A1 | 9 |
| Graaff-Reinet | Graaff-Reinet M. Indus. | Sp | 30 |
| Port Elizabeth | Port Eliz. Erica | A1 | 81 |
| Paarl | Wellington M. Indus. | Sp | 48 |
| Port Elizabeth | Port South End | A1 | 25 |

1. S.G.O.: Jaarrapport 1898, 6.
2. S.G.O.: Jaarrapport 1902, 2.
3. S.G.O.: Jaarrapport 1905, 12.

Dit dien opgemerk te word dat die Departement van Onderwys behalwe die gewone huishoudskole ook gewone groter skole toegelaat het om by die gewone klasse ook nog die een en ander huishoudkundevak te neem en daarvoor is laboratoria aan die skoolgeboue bygevoeg.[1)]

Die vernaamste vakke wat in die soort skool onderrig word, is vasgestel in 'n spesiale leerplan wat gepubliseer is vir al die skole.[2)] Ook is in die vooruitsig gestel om A2.-skole toe te laat om die vakke te onderrig. Behoorlike skemas sal dan vir die verskillende standerds opgestel word.

> "It is hoped that as soon as parents realise the value of this work, they will be found ready to do all in their power to give the children the necessary training and it is therefore expected that the demand for these classes will increase, provided always that the teaching be efficient."[3)]

Behalwe lokale moes daar ook die nodige uitrusting aangeskaf word en daarvoor het die instruktrise haar tydens haar besoeke aan skole beywer. Die hoogste koste vir die soort gebou plus die uitrusting was maar R208.85 en die laagste R32.00, terwyl die instandhoudingskoste hoogstens R27.89 en laagstens R5.49 per jaar beloop het.[4)]

Uit die verslae van die instruktrise blyk dat daar meer gekonsentreer is om Huishoudkunde en Kookkuns by gewone skole in te voer omdat die koste baie laer is en die leerlinge makliker betrek kan word. Daar was net voor Uniewording nog steeds net die drie spesiale huishoudskole, maar huishoudkunde-afdelings is aan 38 skole in die provinsie toegestaan.[5)]

---

1. S.G.O.: Jaarrapport 1909, 56 a.
2. Onderwys Gazette, 30 September 1904.
   Die vakke word daar aangegee as: (a) Elementêre Fisiologie en Higiëne, (b) Kookkuns, (c) Wasserywerk.
3. Jaarrapport van instruktrise Mc Iver van 30 September 1905.
4. Ibid.
5. S.G.O.: Jaarrapport 1909, 56 a.

## 4. ANDERSOORTIGE INRIGTINGS VIR TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS

### Inleiding

Hierdie soort skole het wel ook beroepsonderwys voorsien, maar omdat hulle eintlik enersyds werkslui vir spesifieke instellings en andersyds meer vakopleiding vir 'n spesifieke groep voorsien het soos in die mynskool en die landbouskool respektiewelik, kan dit nie as volwaardige beroepsonderwys beskou word nie. Daarteenoor het die Worcesterse Doofstom- en Blindeskool weer net spesiale soorte leerlinge opgeneem aan wie vaardigheidsvakke behalwe die gewone skoolonderrig voorsien word. In al drie gevalle behoort die onderwys eerder aan die beroepslyn as in die rigting van gewone onderwys.

### (a) Die Kimberleyse Mynskool

In 1895 is die aanvoorwerk vir die mynskool op Kimberley begin. Studente wat aan die Suid-Afrikaanse Kollege in Kaapstad met kursusse in myningenieurswese begin het, is in 1896 na Kimberley oorgeplaas,

> "where preparations are being made for instructing them theoretically and practically in mining, engineering, and underground surveying. The South African Mining School, which has been long talked of, may therefore now be considered an accomplished fact."[1)]

Vroeg in Julie 1896 het professor Lawn van die Londense School of Mines aangekom met genoegsaam apparaat om met klasse te begin. In Kaapstad kon die eerstejaarstudente 'n kursus voltooi om dan na Kimberley te gaan vir verdere praktiese en teoretiese opleiding.[2)]

In die vooruitsig is ook gestel om aandklasse vir werkers te reël indien die Maatskappy opleiding vir werkers verpligtend kon maak.[3)] In 1899 is die gebou voltooi, maar deur die uitbreek van die Driejarige Oorlog en die beleg, is die gebou vir eers nie in gebruik geneem nie.[4)]

Net toe die dorp ontset is, het die mynskool weer begin. Die eerste jaar, naamlik 1900, het die getal studente na 64 opgeskiet.[5)]

---

1. S.G.O.: Jaarrapport, 1895, 31.
2. S.G.O.: Jaarrapport, 1897, 27.
3. S.G.O.: Jaarrapport, 1898, 24.
4. S.G.O.: Jaarrapport, 1899, 22.
5. S.G.O.: Jaarrapport, 1900, 20.

Die eerstejaarstudente het in Kaapstad en Stellenbosch studeer asook die tweedejaars, terwyl die 16 derde- en 8 vierdejaars op Kimberley ook met praktika besig was.[1] Die aandklasse is deur 80 leerjongens in die ambagte bygewoon.

Teen die einde van Februarie 1903 het prof. J.G. Lawn bedank. Hy was hoof van die inrigting sedert die stigting in Mei 1896 en is opgevolg deur John Orr, sy assistent. Die aantal inwonende studente was nou 30 teenoor die 24 van die vorige jaar.[2]

Teen die begin van 1904 is hierdie mynskool oorgeplaas na Johannesburg terwyl die Suid-Afrikaanse universiteit in Kaapstad en die Victoriakollege in Stellenbosch hulle net met die teoretiese werk besig gehou het. Vir die besondere jaar was daar aan die twee universiteite onderskeidelik vir die eerste- en tweedejaarskursus 16 en 24 studente ingeskryf.[3] Die studente het hulle bekwaam in Meganika, Masjionkonstruksie, Boukonstruksie, Elektrisiteit, Stoom en Landmeting.[4]

(b) Landbouvakskool op Elsenburg.

Na aanleiding van die superintendent-generaal van onderwys se wenk in 1898 aan die industriële skool te Uitenhage,[5] het prof. De Vos in die soort landbouvakskool belang gestel en is die plaas Elsenburg aangekoop, die geboue opgeknap en verander en die landerye verbeter. Reeds die volgende jaar kon die eerste groep voornemende boere opgeneem word. Aanvanklik het die studente net bedags op die plaas deurgebring, maar weldra is dit van hulle verwag om pal op die terrein te bly vir hul kursus.[6]

---

1. S.G.O.: Jaarrapport, 1901, 24.
2. S.G.O.: Jaarrapport, 1903, 29.
3. S.G.O.: Jaarrapport, 1904, 29.
4. Orr, J.: Technical Education and Training, 6.
5. S.G.O.: Jaarrapport 1898, 8.
6. Ibid., 24.

Die pas aangestelde hoof, Mason, direk uit Engeland, het onmiddellik begin om 'n molkery op te rig en die nodige uitrusting aan te skaf.[1]

'n Laboratorium en nuwe klaskamers is opgerig en 'n deeglike leerplan is opgestel. Die studentetal het op 30 in 1899 gestaan.[2] In die volgende jaar is 'n opgeleide instrukteur in suiwel en veeteelt aangestel en het die studentetal slegs met een gedaal.[3]

Toestande het jaar na jaar verbeter sodat reeds in 1902 die huisvesting vir die aantal leerlinge te beperk was. Verdere akkommodasie is aangevra en het die aantal onderwysers wat daeliks van ander plekke moes kom, geleidelik verminder. Die skool het geleidelik sy eie personeel verkry.[4]

'n Harde slag vir die skool was die bedanking van die hoof, wat die skool van die begin af opgebou het. Daar was toe 48 ingeskrewe studente en 'n deeglike fondament is gelê. Sy opvolger, Frank Walker, het 'n soortgelyke pos in Ridgmont, Bedfordshire gehad.[5] Na 'n jaar van harde werk het die nuwe hoof gevind dat die aantal leerlinge gedaal het tot 37. Insgevolge het hy sy bedanking ingestuur.

> "His resignation was caused by disappointment at finding a lack of that proper public support which a Government school like Elsenburg ought to receive."[6]

Op 1 Julie 1905 is die skool oorgedra aan die Landboudepartement.[7] 'n Soortgelyke skool met dieselfde doeleindes is ook in 1899 in Somerset-Oos gestig maar dit het 'n vroeë dood gesterf as gevolg van min belangstelling.[8]

---

1. S.G.O.: Jaarrapport, 1899, 22.
2. Ibid.
3. S.G.O.: Jaarrapport, 1900, 21.
4. S.G.O.: Jaarrapport, 1902, 22.
5. S.G.O.: Jaarrapport, 1903, 29.
6. S.G.O.: Jaarrapport, 1904, 26.
7. S.G.O.: Jaarrapport, 1905, 30.
8. S.G.O.: Jaarrapport, 1899, 22.

### (c) Die Doofstom- en Blindeskool op Worcester

#### (i) Algemeen

In Kaapstad het van 1863 af 'n Rooms-Katolieke skool vir dowes bestaan waarin blank en gekleurd opgeneem is.[1] Aangesien daar orals in Kaapland lidmate van die N.G. kerkwas wat doofstom en blinde kinders gehad het wat na die betrokke skool moes gaan vir opleiding, ten einde hulle belydenis van die geloof te kan aflê, het die kerk daartoe oorgegaan om sy eie Instituut vir Doofstommes en Blindes in Worcester te stig.[2] 'n Kaaplandse seun, Jan de Labat, is deur die ring van Tulbach oorsee gestuur om hom in die spesiale soort onderwys te bekwaam.[3]

Op 15 Junie 1881 het die werk in 'n gehuurde kamer in Hoogstraat 'n aanvang geneem met een leerling. Weldra het die getal so gestyg dat ds. Murray op 12 September van dieselfde jaar aan die S.G.O. moes vra om staathulp omdat minstens sewe leerlinge die skool bywoon waarvan een blind was.[4]

Die eerste nuwe skoolgebou is in 1897 ingewy en is dadelik deur die blinde kinders gebruik. 'n Tweede koshuis is opgerig en kon die dogters en seuns geskei word. In 1905 besluit die bestuurskomitee op aanbeveling van Muir die S.G.O., om die twee inrigtings te skei en Besselaar die hoof van die skool vir blindes te maak.[5]

#### (ii) Finansies van Doofstom- en Blindeskool op Worcester

Die finansies van die inrigtings het alles uit kerkfondse bestaan, omdat die sinode die skole gestig en in stand gehou het. Behalwe die hoofdelike toelaes van die Departement is eers in 1910 oorgegaan om die salaris van die onderwysers op die pond-vir-pond-stelsel aan te vul.

---

1. Biesenbach: Die Blinde Instituut te Worcester, 25.
2. van der Merwe: Die Geskiedenis van die Onderwys van Dowes, 19.
3. Ring van Tulbach: Notulen der 3de Zitting, Okt. 1879.
4. Biesenbach: a.w., 47.
5. Ibid., 27. Sien ook Inspeksierapport van Robbertson 15 Januarie 1906.

Die skool is gebaat deur ŉ paar mooi skenkings deur goedgesinde vriende.[1]

(iii) Leervakke

Aanvanklik was die gedagte om die leerlinge net te leer lees en skryf sodat hulle met die Bybel kon kennismaak en as lidmate voorberei kon word. Later het die kursus, wat oor agt jaar gestrek het, die volgende vakke ingesluit: Engels, Afrikaans, Skryf, Rekene, Tekene, Geskiedenis, Aardrykskunde, Handwerk, Artikulasie en Lippetaal.[2]

Steeds sterker is daarop aangedring dat die kinders hulle meer met handwerkkursusse moet besighou om ŉ bestaan daarmee te kan maak. So is in 1884 reeds al begin met timmermanswerk in ŉ werkswinkel wat vir die skool opgerig is. Leerwerk, Skoenmakery en Tuiemakery het in 1899 gevolg toe seuns in die ambagte opgelei is. Behalwe die gewone huiswerk het die dogters eers in 1915 met die opleiding in die Modemakery en Huishoudkunde en Kookkuns doelgerigte opleiding vir beroepe ontvang.[3] Die Skool vir Blindes moes die gewone skoolleerplan volg en so min moontlik daarvan afwyk.[4]

5. BEHEER VAN ONDERWYS VAN 1892 TOT 1909

(a) Hoofkantoor

In die Wetgewende Raad van die Kaapse Parlement het die Koloniale Sekretaris die Onderwys onder sy beskerming geneem.[5] Tot 1905 het die Superintendent-generaal van Onderwys binne die perke van die Onderwyswet van 1865 volmag gehad om alleen op te tree.[6]

---

1. R3,700.00 skuld is deur ŉ onbekende vriend in 1895 betaal en J.C. Hofmeyer het R20,000.00 aan die Inrigting bemaak.
2. van der Merwe: Die Geskiedenis van die Onderwys van Dowes, 44.
3. Ibid., 45 - 47.
4. Visagie: Die Ontwikkeling van Blanke Onderwys in Worcester K.P. tot 1925, 131.
5. Malherbe: Education in South Africa, 127.
6. Ibid., 133.

Reeds in sy eerste jaarrapport het Muir onder die opskrif "Die Toekoms" verklaar dat "organisasie moet tred hou met groei."[1] So het die kantoor geleidelik sy invloed oor die hele Kaapkolonie laat geld deur sy inspekteurs en instrukteurs wat onder sekere voorskrifte moes optree en rapporteer.[2] Die aantal inspekteurs wat aanvanklik alle soorte skoolwerk moes inspekteer, het vermeerder na 31 in 1909, terwyl 12 instrukteurs die beroepsvakke georganiseer en geinspekteer het.[3]

(b) Skoolrade en Skoolkomitees

Op 8 Junie 1905 het die Skoolradewet in werking getree en daarmee 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van onderwys van Kaapland ingelei. Deur hierdie wet is die gebied in 103 skoolraadsdistrikte opgedeel en is aan die Rade reeds instruksies gestuur oor die regulasies insake verkiesings. In 'n spesiale pamflet[4] is die Skoolradewet se regulasies i.v.m. die oorname van skole asook oor verpligte skoolbesoek vir verspreiding gereed gemaak. Daar dien egter op gelet te word dat ooreenkomstig art. 33[5] industriële skole nie onder die beheer van die skoolrade val nie, maar direk onder die Superintendent-generaal van Onderwys. Elke skool het egter sy skoolkomitee bly behou. Die skoolrade het dus al die skole in sy gebied beheer, maar die skoolkomitees het die skole bestuur en ook die onderwysers benoem vir die Raad, terwyl die superintendent die aanstellings moes doen.

Reeds in 1908 al is daar verandering gemaak in die wet van 1905. Skoolrade kon volgens hierdie veranderde wet[6] industriële skole oorneem van bestuursrade of kon selfs saamspan om industriële skole vir die distrikte in die lewe te roep. Verpligte skoolbesoek was nou no-

---

1. S.G.O.: Jaarrapport 1892, 44. (In Afrikaans vertaal)
2. Ibid., 3.
3. S.G.O.: Jaarrapport 1909, 17a en 19a.
4. Onderwys Pamflet nr. 20 van 1905.
5. Wet nr. 35 van 1905.
6. Art. 57 van Wet nr. 45 van 1908.

dig om die leerlinge na die skoolbanke te dwing waar ouers nog nie gehoor gegee het nie. In 1909 het reeds 87 skoolrade besluit om onderwys in hul afdelings verpligtend te maak. Waar ouers nie die fooie kon bybring nie, is die uitgawes uit die heffingsfondse bestry. Die afdelingsrade het die huisbelasting ten bate van die skoolrade afgeskaf. Skoolrade het dus ook die reg tot fondsheffing gehad.[1)]

6. SAMEVATTING

Deur die hardnekkige volharding in die geloof aan klassieke onderwysleerplanne het Dale die praktiese rigting wat geleidelik oor die hele beskaafde wêreld in swang gekom het skromelik oor die hoof gesien. Na sy uittrede het die Skotse geleerde, Muir, dadelik veranderde leerplanne aan die Kolonie besorg wat daarop bereken is om die beste uit die volwaardige mens te haal. Enige struikelblokke soos swak skoolbesoek, ou tradisionele opvattinge by die parlementslede dat onderwys in die hand van die ouers moet berus, ekonomiese druk en swak administrasie het sy voornemens baie in die wiele gery. Tog is die moderne rigting langsamerhand in die onderwys ingevoer sodat beroepsvakke in die gewone skole 'n groeplek verkry het. Spesiale skole vir armes is in die vorm van industriële skole gestig en 'n inrigting vir sintuiglikversteurdes is in aansyn geroep. Verder het verskeie voortsettingsklasse in die groter sentra bestaan.

Slegs landbou-, ambags- en tegniese onderwys het nie tot hul volle reg gekom nie. Dit moet egter daaraan toegeskryf word dat laasgenoemde twee eers sou volg nadat die behoefte daarvoor sou ontstaan het. Eersgenoemde het wel bestaan, maar daar is beslis nie behoorlik voorsiening daarvoor gemaak nie, moontlik te wyte aan die onvermoë van die volk om nut uit die hoër beroepsopleiding sonder die nodige formele skoling te haal.

---

1. S.G.O.: Jaarrapport 1910, 1.

## B. DIE ONTWIKKELING VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN TRANSVAAL EN DIE BEHEER DAARVAN TOT 1910.

### Inleiding

Vir bykans dertig jaar het die Trekkers in Transvaal hul lewensbeskouing by die wilde binneland probeer aanpas en is aan 'n gevestigde owerheid met doelgerigte planne vir die bevordering van die inwoners se intellektuele behoeftes weinig plek gegun. Hierdie taak het in die hande van die ouers gerus totdat "Die Burgers-onderwyswet" in 1876 deur die volksraad bekragtig is. Hierdie wet het egter baie hoog gemik en 'n heel moderne vakkeuse aan die skole gelaat waaronder ingesluit was al die vakke soos: Meetkunde, Algebra, Skeikunde, Landboukunde, Dierefisiologie, Geologie en Mineralogie, Tegnologie, Musiek en Tekenkuns.[1] Hiervan het egter niks gekom nie omdat die eerste anneksasie in 1877 plaasgevind het sodat Van Gorkum as eerste superintendent van onderwys deur Lyle vervang is wat op sy siening die onderwys wou hervorm, maar ook niks uitgevoer het voor die Eerste Vryheidsoorlog nie.

Die C.N.O.-gedagte is deur superintendente S.J. du Toit en Mansvelt in hul onderwyswette beliggaam en het die eintlike industriële, tegniese, ambags-, landbou- en huishoudkunde-onderwys wat deur Mansvelt begin is, in die Driejarige Oorlog verdwyn.

### 1. BEROEPSOPLEIDING IN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK VAN 1892 TOT 1900

Waar die vereistes vir die inwoners van die Zuid-Afrikaansche Republiek nog maar met 'n eenvoudige volkhuishouding te doen gehad het, is die onderwys op 'n gesonde Christelike nasionale grondslag gevestig. Met die ingewikkelde industriële en nywerheidshuishouding van 'n twintig jaar later hoef nog nie rekening gehou te gewees het nie. S.J. du Toit[2] het dan ook die onderwys beskou as 'n saak van die ouers en nie van die staat nie.

Tog is dit opmerklik dat Mansvelt reeds enkele jare later in sy onderwyswet van 1892 aandag gee aan die behoeftes van die land en hoe-

---

1. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 267.

2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 51.

wel hy bewus was van die groei op die goudvelde het hy ook die arm gedeeltes van die platteland bevoorreg en sodoende subsidies aan gewone skole toegestaan.[1)]

In teenstelling met Du Toit se standpunt is selfs aan die oprigting van skole deur die owerheid gedink en benewens die feit dat 'n "Staatsgymnasium" in 1892 opgerig is, is daarin ook 'n afdeling vir landboukunde beplan. In Februarie 1897 is dan die eerste skool geopen om aan die behoeftes van die industrieë te voldoen. Hierdie skool, die "Mijnschool", het dr. F.H.G. Breyer as waarnemende direkteur gehad.[2)]

Op die program vir die jaar was ook die "Ambachtschool" wat seer sekerlik in 'n groot behoefte sou voorsien. Ook maak die jaarrapport van 1895 melding van 'n modelboerdery, 'n handelskool, 'n mynskool, en 'n ambagskool wat ewemin tot uitvoering kon kom as die instituut vir blindes en doofstommes.[3)]

As gevolg van die taalkwessie[4] het die Engelse op die Rand hul "Council of Education" gestig met genoeg geld om enige uitgawes vir die onderwys aan die Rand te bestry. Hierdie liggaam het hom onmiddellik na die Driejarige Oorlog ook terdeë in onderwyssake laat voel.

## 2. BEROEPSOPLEIDING ONDER BRITSE KOLONIALE BESTUUR (1900-1905)

### (a) Algemene doel

Nouliks het die oorlog ten gunste van die Engelse gedraai, of hulle gryp die onderwys aan om d.m.v. die skole invloed op die bevolking uit te oefen.[5)] So skryf Chamberlain aan Milner dat die skole moet dien "to modify the prejudices which have largely been the result of ignorance and anti-British propaganda."[6)] Ook verstout 'n

---

1. Wet nr. 8 van 1892. Art. 43 - 45.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 67.
3. Sien Jaarrapport 1895 van die Direkteur van Onderwys.
4. Coetzee: a.w. 69.
5. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonieperiode. 1900 - 1907, 26.
6. Secr. Tvl. Adm. nrs. 801/01 en 3172/01

Johannesburgse koerant hom om openlik aan die oorwonne volk te verklaar:

> "The fault will be ours if we cannot inculcate into the rising generation that single-minded loyalty which characterises our other colonies. To promote this must be the first object of all education in the new territory."[1)]

(b) Kampskole

Met hierdie doelstellings voor oë het Sargant[2)] dan ook geen steen onaangeroerd gelaat om die toekomstige ouers in die kampe van die nodige onderwys te voorsien nie. Engelse onderwysers[3)] is van oorsee ingebring met die versoek om op sodanige aangename wyse die vak aan te bied, dat belangstelling gewek kan word vir Kookkuns, Naaldwerk ensomeer, maar terselfdertyd moes die medium van onderwys Engels wees.[4)]

Hoewel die Kaapse leerplan hier as uitgangspunt gekies is, is veranderinge tog aangebring om by die omstandighede te pas. Behalwe die "drie R'e" is aan die kinders ook Sang, Dril, Aardrykskunde, Tekene, Naaldwerk en selfs Matesis en Latyn onderrig, terwyl die seuns ook Smedery, Werktuigkunde, Houtwerk en Skilder (verfwerk) op die rooster gehad het.[5)]

Die kampskole het blykbaar onder die beheer gestaan van kampinspekteurs, kampsuperintendente en dameskomitees,[6)] want al drie het rapporte oor die skole uitgebring. Aangesien sowat 90% van die leerkragte onopgeleid was, het daar seker nie veel van die gespesialiseerde beroepsvakke tereg gekom nie. Kennis van Engels het eintlik die skoolprestasies uitgemaak en het ook oorplasing verseker.[7)]

---

1. The Star, 22.1.02.
2. Milner aan Staatsekretaris, Lêer 3156/00. Hy beveel E.B. Sargant aan. "It must be an Englishman and not a Scotchman."
3. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 73.
4. Secr. Tvl. Adm., 3172/01
5. Cd. 893, 107.
6. Cd. 893, 107.
7. Notule: Sesde vergadering van Organiseerder Inspekteurs, 4.

(c) Normaalkollege

In die normaalkollege op Pretoria is behalwe die gewone fundamentele vakke ook nog die volgende beroepsvakke gedoseer: Huishoudkunde, Kookkuns, Naaldwerk en Tekene, terwyl manstudente ook nog Kartonwerk geleer het. Altesaam het 71 leerkragte in 1903 die kollege as afgestudeerdes verlaat om in die praktyk te gaan staan,[1] terwyl in die volgende twee jaar die getal onderskeidelik 30 in 1904 en 17 in 1905 was. Daar was dus 'n skerp daling, nieteenstaande die tekort aan opgeleide leerkragte brandend was.

(d) "Transvaal Technical Institute"

Op 5 Julie 1902 het die direkteur van onderwys vir die twee verowerde gebiede, E.B. Sargant, die "Council of Education" op die Witwatersrand genader met die versoek om deel uit te maak van 'n komitee wat tegniese onderwys moet ondersoek om hom van raad te dien. Na ses sittings het die komitee[2] 'n rapport met aanhangsels[3] van die here Hennen Jennings, J.H. Johns, H.B.J. Knox en E.J. Laschinger by die direkteur ingedien. Dit dui daarop dat tegniese en beroepsopleiding baie aktueel geword het en beveel aan dat 'n tegniese instituut in die omgewing van Johannesburg opgerig moet word. Hierdie instituut moet hoogstaande werk lewer in die volgende vakke:

1. Myningenieurswese;
2. Meganiese ingenieurswese;
3. Elektriese ingenieurswese;
4. Siviele ingenieurswese;
5. Hidrolise en Sanitêre ingenieurswese;
6. Metallurgiese en Chemiese ingenieurswese;
7. Argitektuur.

'n Afvaardiging van die "South African College" bestaande uit proff. Lewis, Hahn, Beattie en Crawford asook verteenwoordigers van die Kim-

---

1. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport van Direkteur 1903, 57.
2. Transvaalse Onderwysdepartement: Jaarrapport van Direkteur, 1903, 57.
3. Ibid., 57.

berleyse Mynskool, prof. Lawn en mnr. Williams[1] het by die komitee vir die tegniese instituut aangedring om die onderrig in mynvakke met die grootste haas te laat plaasvind, sodat studente in die derde- en vierdejaarskursusse van die Kaapse mynkursus daar baat by kan vind. Die aanbevelings is na drie verdere sittings saaklik soos volg saamgevat:[2]

1. Doeltreffende behuising vir 'n bakteriologiese laboratorium.
2. Die oprigting van 'n laboratorium vir die uitvoering van navorsing i.v.m. die hospitaal.
3. Die ontwikkeling van 'n biblioteek vir die bevordering en oprigting van 'n inrigting vir die kunste en wetenskappe van die nywerhede in die dorp.

Vir die doeltreffende funksionering van die gevraagde geboue en geleenthede is 'n ander komitee benoem wat bekend staan as die "Technical Education Commission."[3] Hierdie komitee moes twee sake ondersoek i.v.m. die voorsiening van die nodige fasiliteite: (1) Voorlopige reëlings te tref vir die uitvoering van die aanbevelings en (2) om te rapporteer oor die finansiële implikasies vir die oprigting van permanente tegniese inrigtings in Johannesburg en 'n "Permanent Colonial Institute."[4]

Sonder verwyl het die kommissie aan die werk gespring en met behulp van manne soos proff. Orr, Lawn en Hele-Shaw is die planne gou verwesenlik. Tydelike geboue is verkry en op die 7de Maart 1904 is met die klasse begin. Ook is die studente van die Kimberleyse mynskool oorgeplaas omdat Johannesburg baie beter geleenthede vir die toekoms bied.[5]

---

1. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1903, 57.
2. Ibid., 58.
3. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, 93-95.
4. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1903, 58.
5. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1903, 59. Sien ook Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, 94.

Die leerplan het volle kursusse voorsien aan 35 derde- en vierdejaarstudente asook vir vyf eerstejaars ten opsigte van ingenieurs- en mynwese. In die kursus is ingesluit 'n driejaarplan vir Matesis, Chemie, Geologie en 'n vierde jaar vir spesialisering in Meganiese-, Elektriese-, Myn- en Siviele ingenieurswese.[1)]

'n Staatstoekenning van R16,000.00 het voorlopig die bal aan die rol kon sit. Ook is 'n bydrae van R60,000 tot die leningsfonds uit die staatskis afgestaan, terwyl die "Council of Education" van die Witwatersrand jaarliks R9,000.00 vir drie jaar sou bydra.

Voorlopig is die sake gereël en is ook deeltydse klasse in Pretoria aangebied. Die permanente reëlings moes verder gedoen word.

> "The funds at the disposal of the Institute, however, are only sufficient for the preliminary work now being carried on. The Council is at present considering plans for development along the lines laid down in the report of the Technical Commission. ..... It will be impossible to develop fully the scheme submitted to the Government by the T.E.C. unless abundant funds are forthcoming." 2)

So is die eerste inrigting in Transvaal vir hoër onderwys in die lewe geroep en dit uit die nood van die nywerheids- en mynwese. Die kursus was tegnies van aard en op universitêre vlak.

(e) Aandklasse

Met die goedkeuring van die direkteur van onderwys kon aandklasse gereël word vir die voorsiening van "Elementary Subjects" (die drie R's) asook vir spesiale vakke soos: Beginsels van Landbou, Tekene, Naaldwerk, Huishouding, Boekhou en Snelskrif.

Die volgende reëls was van toepassing by sulke aandklasse:

1. Dit moet gedurende die skoolkwartaal plaasvind en moet nie meer as vier en ook nie minder as drie uur per week duur nie.

---

1. Ibid., Jaarrapport, 58. Die name van die Technical Institute se eerste raad word aangegee as: Fabian Ware (voorsitter), H.S. Caldecott, G.S. Corstorphine, W.P. Fraser, W.F. Lance, J.G. Lawn, G.A.F. Molengraaff, T. Reunert, F.B. Smith (Landbou), H. Weldon (wrne. Kommissaris van Myne).
2. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1903, 59.

2. So 'n klas kan in die lewe geroep word vir meer as vyf leerlinge.

3. 'n Klas per leerkrag mag nie meer as twintig leerlinge wees nie en as daar twee klasse of meer vir dieselfde vak is, mag die aantal in veelvoude van 15 per leerkrag bereken word.

4. Die bywoningsgeld per leerling was R2.10 per kwartaal, vooruitbetaalbaar. Die gelde moet onmiddellik na ontvangs in die inkomstefonds gestort word.

5. Elke leerkrag sal R2.60 per leerling per kwartaal ontvang, maar nie meer as R30.00 per kwartaal uit een klas nie.

6. Die gelde sal aan die einde van elke kwartaal uitbetaal word op ontvangs van 'n staat van die inspekteur.

7. Waar meer as drie klasse bestaan, sal die hoof behalwe sy bedrag van R4.00 per mensem nog R8.00 per kwartaal verdien.

8. Inspekteurs van skole sal persoonlik toesig hou oor die state en werk. Hulle kan selfs klasse sanksioneer.

9. Jaarliks sal sertifikate uitgereik word na 'n deeglike eksamen. Hierdie reëls was van 5 Oktober 1903 af in werking.

Die aanklasse in Pretoria in Skrynwerk, Bou- en Masjienkonstruksie wat direk deur die departement van onderwys begin is, is deur die "Transvaal Technical Institute" van Oktober 1903 af oorgeneem in ooreenkoms met die regulasies wat aandklasse behoer.[1)]

(f) <u>Weeshuise</u>

In die drie weeshuise wat van staatsweë op Pietersburg, Irene en Potchefstroom in stand gehou is, was daar altesaam 144 vermoedelik oor-

---

1. Aanhangsel O tot Jaarrapport van Direkteur van Onderwys 1903, 131.

logwesies. Hulle het hul opleiding hoofsaaklik in die departementele skole van die omgewing gekry. Wat die huishouding betref, het die kinders die personeel wat uit matrones en assistente bestaan het, in die wassery en ander huislike pligte bygestaan.[1)]

Die geboue was meestal van sink en hout, maar is as voldoende beskou vir die tyd. In Potchefstroom en Irene was 'n mediese praktisyn altyd byderhand en is die seuns bevoorreg om handwerkopleiding te ontvang, en waar opening vir werk ontstaan, is aan hulle voorkeur gegee.[2)]

Teen die einde van 1903 het die bestuurskomitee van die Nederduits Gereformeerde weeshuis ingestem om die twee weeshuise te laat saamsmelt en te verskuif na die plaas op Vyfhoek. Behalwe vir die opleiding in die praktiese handwerkvakke sou die 150 leerlinge onderrig in die staatskool op Vyfhoek ontvang. Personeel sou deur die staat voorsien word.[3)]

Om te bewys hoe die kinders in die weeshuise opgevoed is, word die volgende aanhaling hier uit die inspekteursrapport van 1903 oorgeneem:

> "..... two boys are devoted to carpentry. They are capable of recaning chair bottoms, have constructed many useful articals for use in the Orphanage, and have just completed an ambitious and substantial piece of work in the shape of a varandah running along one side of the diningroom. The oldest boy is an expert boot-maker, and is evidently proud of his skill and glad to show his latest work to visitors."[4)]

Omdat aan doofstom- en blinde leerlinge slegs hulp verleen word deur hulle na die instituut op Worcester te stuur, sal slegs die uitgawe hier voorsien word. In daardie jaar is R375 aan hulle versorging bestee. Slegs vier kinders was hierby betrokke.[5)]

(g) Handwerkvakke in openbare skole

Aan die einde van 1902 was daar altesaam 162 laerskole onder die Onderwysdepartement, nieteenstaande die feit dat die onderrig vry was.

---

1. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1903, 60.
2. Ibid., 60.
3. Notule van Uitvoerende Komitee van die N.G.-weeshuis Des. 1903.
4. E. Garnett: School Report 1903.
5. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1903, 60.

Op die plase alleen is 231 skole gestig en 27 is weer gedurende 1903 gesluit. In geheel het die Onderwysdepartement teen die einde van 1903 soveel as 373 laerskole gehad waarvan 104 in dorpe geleë was. Die totale inskrywing was dan ook 26,157.[1]

Aan hierdie skole was daar 919 leerkragte verbonde, waarvan 33 slegs gebruik is om een vak te doseer. Vir Hollands was daar 26, vir Handwerk 3, vir Liggaamsopvoeding 2, vir Tekene 1 en vir Naaldwerk 1. Verskeie Normaaldosente het aan laerskole in die dorp Kookkuns, Huishoudkunde, Tekene en Tuinwerk gedoseer. Hoewel ook aan diensdoende onderwysers handwerkvakke bywyse van kortkursusse gegee is,[2] was die resultate vir hierdie afdeling van die leerplan besonder swak, deels omdat daar nie genoegsame hulpmiddele en materiaal beskikbaar was nie en deels omdat die leerkragte hier te kort geskiet het.

In die Pretoriase afdeling is 'n driejarige kursus in Kartonwerk opgevolg met 'n tweejarige kursus in Houtwerk. Van st. vier af is dus Houtwerk in die gymnasium onderrig. Met Kookkuns vir dogters bo 14 sou daar eers in die volgende jaar (1904) begin word. Uit die orige skoolinspekteursrapporte blyk dat hoewel Handwerk voorgeskryf is, daar nog niks te rapporteer is nie. Die High School for Boys in Pretoria het wel Tekene onderrig, terwyl die High School for Girls in Johannesburg Naaldwerk gedoseer het, asook Skilderkuns. Origens meld die jaarrapporte van die hoofde soos gepubliseer in die direkteursrapport vir 1903 niks van die handwerkvakke nie.

(h) Plaaslike en sentrale behoer

Ordonnansie nr. 7 van 1903 bepaal die onderwys in die twee kolonies. E.B. Sargant is as Direkteur van Onderwys vir genoemde kolonies aangestel. In die loop van die jaar waarin die wet van krag geword het,

---

1. Hierdie getal verteenwoordig maar 'n rapsie meer as die helfte van die skoolgaande jeug as daar 46,500 kinders in die kolonie was, wat tussen die skool-ouderdomsgrense geval het.
2. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1903, 56.

het die hoofkantoor soos volg gefunksioneer: direk onder die Goewerneur was 'n opvoedkundige adviseur, E.B. Sargant, wat ook as Direkteur van die O.V.S. opgetree het. Transvaal het ook 'n direkteur gehad. Die adjunk-direkteursposte is afgeskaf en 'n sekretaris van onderwys is aangestel in die persoon van H. Warre Cornish van die Skotse Onderwysdepartement. 'n Publieke Werkedepartement sou met die oprigting van geboue en die voorsiening van die meublement help.[1]

Transvaal is in twaalf inspekteurskringe opgedeel[2] en elke inspekteur het sekere magte besit t.o.v. die oprigting en organiseer van skole in sy gebied. Ook kon onderwysers by die skole voorwaardelik aangestel word. 'n Groep skole in 'n subdistrik staan onder die toesig van die hoof van die groot skool wat in so 'n subdistrik geleë is. Hierdie mense moes skoolterreine uitsoek vir die oprigting van skole en as dit tot stand gekom het, gereelde besoek aflê en leiding gee aan die onderwysers.[3]

Op aandrag van ouers is skoolkomitees aan skole toegestaan wat meer as 100 leerlinge het. Die komitees het baie pligte en min magte gehad. Om die belangstelling van ouers op te wek, moes ouervergaderings gereeld deur die inspekteurs gehou word. Klagtes van ouers moet op sulke vergaderings voorrang geniet en die notule van vergaderings moet aan die direkteur gestuur word.[4] Sulke komitees is alleen gegun aan plaasskole buitekant die twee groot stede, Pretoria en Johannesburg, en moes saamgestel word op 'n kwartaalvergadering. In kleiner skole moet die ouervergaderings saam met die inspekteur of subdistrikshoof bly plaasvind.[5]

> "The Department has always recognised ..... that the interest of education no less than the tradition of the country demanded that sooner or later educational control should be placed in the hands of representative local authorities."[6]

---

1. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1903, 1.
2. Ibid., 2.
3. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie periode: 1900 tot 1907, 84.
4. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1903, 3.
5. Ibid., Aanhangsel T, 132.
6. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1903, 3.

Geleidelik het die aantal skole toegeneem wat Handwerk voorsien het. In 1904 se jaarrapport maak die direkteur daarvan melding dat in 29 skole (dorp en plaas) handwerkvakke aan 864 seuns gedoseer word. Naaldwerk is deur 231 skole aan 10,544 dogters onderrig, terwyl 285 skole Tekene en Skilderkuns aan 17,380 leerlinge onderrig het.[1)]

In 1904 is ook regulasies aangekondig vir die instelling van komitees vir die beheer van sekere sekondêre skole.[2)] Die magistraat en die inspekteur is ampshalwe lede en hoewel die luitenant-goewerneur die reg uithou om meer lede te benoem, sal dit nie meer as twee vyfdes van die totaal uitmaak nie. Die aantal lede van vyf tot tien word deur die luitenant-goewerneur bepaal. Die komiteelede word deur ouers gekies wat hul fooie betaal het asook persone in die magistraatsdistrik wat 'n fooi betaal het gelykstaande aan die skoolfooi van ouers. Komiteelede hoef nie juis ouers te wees nie,[3)] maar die verkiesingsprosedure word voorgeskryf.

## 3. BEROEPSOPLEIDING VAN 1905 TOT 1907.

### (a) Algemeen

Hoewel die wet van 1903 die oprigting van mynbou-, landbou-, tegniese en verbeteringskole[4)] in die vooruitsig gestel het, is daar op die gebied nie veel gedoen nie totdat verantwoordelike bestuur aan die kolonies in die noorde toegeken is. Met die oorname van die Milner-skoolstelsel het Cornish[5)] aangestip dat uit die 1,097 onderwysers in Transvaal 7 voltyds onderrig gee in beroepsvakke soos Kookkuns, Naaldwerk en Handwerk of Liggaamsopvoeding. Slegs 'n verdere 20 leerkragte is deeltyds in diens en word per uur betaal. Die laasgenoemde groepie

---

1. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1904, 12.
2. Ibid., Aanhangsel F, 57 en 58.
3. Sien spesiale regulasies in bylae A van die Jaarrapport 1904.
4. Rapport van Sargant 1900-1904, 21 en Wet nr. 7 van 1903.
5. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport vir die eerste helfte van 1905, 15.

het Naaldwerk of Hollands op plaasskole onderrig of ook Tekene en Musiek op hoërskole.[1]

Die aantal aandklasse van 25 was vir 1904 en die eerste helfte van 1905 konstant toe H. Warre Cornish waargeneem het, hoewel die aantal leerlinge met 67 tot 676 toegeneem het.[2]

Klasse vir aspirant- en diensdoende onderwysers het baie toegeneem in vakke soos Kleimodellering, Kartonwerk te Pretoria en Naaldwerk, Tekene en Kindertuin te Johannesburg. In Potchefstroom is Handwerk-opleiding bywyse van aandklasse voorsien. Voorts maak die waarnemende Direkteur spesiale melding van die handwerkopleiding wat aan seuns in laer- en sekondêre klasse op Pretoria, Johannesburg, Krugersdorp en Potchefstroom onderrig word. Kookkuns word aan dogters onderrig in Pretoria en Johannesburg. Altesaam is 608 seuns en 150 dogters daardeur gebaat.

Die twee weesskole in Potchefstroom het van Meimaand 1905 af verenig en is deur die beheerkomitee[3] van die kerkweeshuis oorgeneem. Al die skoolgaande kinders is in die Vyfhoek staatskool opgeneem. Beheerregulasies vir die weesskool is opgestel en die konstitusie van die beheerkomitee is duideliker omskryf. Die doeglike bewerking van die landbougronde sowel as die oprigting van 'n melkery kon 'n groot besparing vir die staat meebring.

> "Success must depend upon the capabilities of the new Superintendent of the Orphanage and Industrial School"[4]

Stappe is gedoen om die nuwe hoof uit Engeland te kry en weldra sou uit die 200 applikasies deur 'n komitee, bestaande uit Cornish en Legge, 'n hoof aanbeveel word. Die uitvoerende komitee van die weeshuis het dan uit twee kandidate t.w. C.H. Holmes, hoof van die industriële skool te Liverpool, en V.H. Wesley Harkcorn, hoof van 'n industriële skool in

---

1. Direkteur van onderwys: Jaarrapport vir die eerste helfte van 1905, 4.
2. Wnde. direkteur van onderwys: Rapport Junie 1905, 15.
3. Ibid., 15.
4. Notule van Bestuursvergadering 7 Okt. 1905.

Plymouth eersgenoemde aangewys. Hy is per telegram aangestel om einde Maart 1906 met sy pligte te begin.[1]

Op die Rand het Julius Jeppe en prof. Hele-Shaw aan die sekondêre onderwyskomitee voorgestel dat minstens vier tegniese skole op sekondêre skoolvlak vir die Kolonie voorsien moet word. Vakke soos Metaalplaatwerk, Houtwerk en ander ambagte moet daarin voorsien word.[2]

Waar die imperialistiese Milnerregime in sy woelinge 'n ander doel gedien het as om onderwys aan die kind te gee vir sy opheffing, daar het, met die oorname van die Liberale Party in Engeland, 'n ander standpunt na vore getree. Die owerheid het die belange van die kind gesoek en dit grotendeels probeer bevredig. Dit kan mens aflei van 'n omvattende ondersoek wat Lord Selborne self onderneem het deur die land te deurreis.

Hy lê sy vinger op die kardinale punte deur die taalvraagstuk, die godsdiensonderrig en die plaaslike kontrole aan die ouers op 'n billiker grondslag te plaas.

(b) Die beheer van die beroeps- en gewone onderwys.

J.E. Adamson, wat Ware opgevolg het, was die vierde Direkteur van Onderwys in die afgelope vyf jaar en hy het diens aanvaar in Julie 1905. Onder hom het die sekretaris van onderwys, W.E.C. Clarke, ook al enige jare ervaring van die onderwysstelsels in Transvaal gehad. Na aanleiding van die sogenaamde "Minute"[3] van Lord Selborne is die onderwyswet van 1903 so verander dat die volgende stelsel ontstaan het: skoolkomitees met ietwat meer regte as vantevore, distrikskoolrade met omskrewe pligte en magte word onderskeidelik verkies deur ouers en skoolkomitees; kringsinspekteur, die sekretaris van onderwys en die direkteur van onderwys wat aangestel word deur die owerheid. Een derde van

---

1. Notule van Uitvoerende Bestuur van die Ambagskool, Potchefstroom, 24 Desember 1905.
2. Secondary Education (Johannesburg) Commission: Rapport 1906, 105 par. 1024.
3. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport, 1906, 152.

die skoolraadslede word ook deur die direkteur van onderwys aangestel en die magistraat is ex officio-lid. Sekere provinsiale sekondêre skole en naturelleskole word voorlopig nie in die skoolrade se omvang betrek nie, terwyl hoërskole heeltemal buite hul jurisdiksie val.[1] Alle skole het egter onder die direkteur van onderwys gestaan sodat hy ook die beroepskole beheer het.

(c) Spesiale klasse

Gedurende die jaar 1905 - 1906 het die Departement van Onderwys heelwat uitbreiding op hierdie gebied gebring. Daar was drie handwerkopleidingsentrums in Johannesburg[2] en twee in Pretoria[3] benewens Potchefstroom en Wolmaransstad. In Johannesburg het die sentrums Braamfontein en Langlaagte na beter tuistes verskuif in Vrededorp en Mayfair onderskeidelik, terwyl met houtwerkopleiding in Germiston, Roodepoort en Troyville begin is en met Metaalwerk in Jeppestown. In Pretoria is ŉ nuwe sentrum in Burgher Right Erven begin. Die enigste sentrum buite die twee stede is in Modderfontein geopen. Die totaal van die seuns wat sulke opleiding ontvang het, het in 1906 toegeneem van 608 tot 1277. Teen die einde van 1907 het die uitbreidings van die vorige jaar volgehou en kon daar toe van die bestaan van die volgende verdere sentrums melding gemaak word. In Johannesburg is Vrededorp se sentrum na Spes Bona verskuif en in Turffontein is ŉ nuwe sentrum geopen. In Pretoria is nuwe sentrums in Mayville en in die Normaalkollege begin. Op die platteland het die volgende sentrums tot stand gekom: Bethal, Louis Trichardt, Nigel, Pietersburg en Standerton, terwyl die volgende sentrums aan plaasskole verbonde was: Chuniespoort, Middagson en Verzamelhoek in die Soutpansbergdistrik. Die aantal seuns wat toe opleiding ontvang het, het toegeneem tot 1,772.

Vir dogters is kookkunssentrums ingestel in drie plekke: een in

---

1. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1906, 157.
2. Ibid., Jaarrapport, 1906, 142.
3. In Gesina en die Gimnasium.

Johannesburg (Von Brandis Square) en twee in Pretoria (Gesina en Pretoria stad). Die aantal leerlinge wat opleiding ontvang het, het gedaal met 23 omdat die sentrum tydelik moes sluit sodat hulle in die nuwe geboue geherberg kon word. Ekstra ruimte vir Johannesburg moes ook gesoek word vanweë die toename in die aantal skoliere tot 106.

In 1907 is die Johannesburgse sentrum van Spes Bona oorgeplaas en in Pretoria is die nuwe gebou in Schoemanstraat betrek. Hierdie ekstra ruimte is dadelik gevul en die aantal skoliere skiet op na 237 teen die einde van die jaar. Dit wys dat daar 'n nypende tekort aan akkommodasie was.[1]

(d) Aandklasse

Altesaam is daar in Transvaal aan die einde van 1906 24 aandskole met 'n totale inskrywing van 654 skoliere. Slegs 47 het Snelskrif, 28 Boekhou en nege Handelsrekene geneem. Die ander het gewone elementêre skoolvakke gehad. Hierteenoor was daar in 1907 'n groot daling, hoewel die aantal skole op 24 bly staan het, maar die leerlingtal het tot 497 gedaal. Vir Snelskrif het 42 hulle aangemeld, vir Boekhou 25, en vir Handwerk (manual training) 14. Die "Transvaal University College" in Johannesburg het egter aan 939.5 (gemiddelde inskrywing op die rol) aandklasse gegee en die Politegniese klasse in Pretoria is deur 322 persone bygewoon.[2]

(e) Onderwysersklasse

Vir hierdie tydvak het die aantal leerkragte en aspirant-leerkragte wat kursusse bygewoon het in Kuns, Kindertuin en Kookkuns en selfs in Handwerk ook vakansiekursusse gevolg. Die totale bywoning het geleidelik gestyg van 184 in 1905 tot 263 in 1906, maar het weer tot 213 in 1907 gedaal.[3]

---

1. Al die gegewens is gehaal uit die rapporte van die direkteur van onderwys in Transvaal vir die jare 1906 en 1907.
2. Sien Jaarrapporte van direkteur vir 1906 en 1907.
3. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1906, 143.

(f) Weeshuise

Daar was drie staatsweeshuise te Irene, Pietersburg en Potchefstroom. Eersgenoemde twee was nog direk onder die beheer van die Direkteur van Onderwys, maar geleidelik is die verantwoordelikhede in Pietersburg oorgedra aan die magistraat en die skoolinspekteur wat verantwoording aan die Direkteur van Onderwys moes doen. In Irene het die damesbesoekkomitee wat onder die Direkteur beheer gehad het deur mildelike bydraes, die hoof en matrone baie gesteun, sodat beide die skoolopleiding en die koshuisakkommodasie kon verbeter.

Die Potchefstroomse N.G. Kerk se weeshuis, waarby die staatsweeshuis ingelyf is, was onder beheer van die Uitvoerende Raad van die kerkweeshuis wat as ŉ raad by die Registrateur van Maatskappye geregistreer is.[1] Die industriële skool sowel as die weeshuis is onder hulle beheer geplaas en die magistraat was ex officio-lid. Die regering het die geboue voorsien sowel as ŉ gedeelte van die grond wat vir R2,000.00 aangekoop is. Die ander gedeelte is geskenk deur die Boerevereniging. Die eerste blok geboue is vir 150 kinders opgerig. Origens is in 1905 ŉ bedrag van R7,000 deur die Onderwysdepartement gestem vir die oprigting van die industriële skool wat in 1906 in gebruik geneem is. Vir die looiskuur het die onderwysdepartement later nog R450.00 bygedra. Van Julie 1906 af is die skool in gebruik en het die volgende werkwinkels begin funksioneer: Smedery, Wamakery, Skrynwerk, Tuiemakery, Skoenmakery en Kleremakery.[2] Twee derdes van die totale uitgawes van die weeshuis en skool sou deur die Departement van Onderwys voorsien word, mits die beheer en werk volgens die inspekteur van onderwys deeglik is. Die res is deur gelewerde werk van die seuns en deur geskenke van goedgesinde persone ingebring. Reeds voor die einde van die jaar het daar onderhandelinge plaasgevind om die twee weeshuise te Pietersburg en Irene ook van industriële afdelings te voorsien maar vanweë die hoë kostes is besluit om liewer omvangryker geriewe vir

1. Notule van Uitvoerende Komitee van Weeshuis insake Goew. Kennisgewing nr. 997 van 1905, gedateer 17 Nov. 1905.

2. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1907, 41.

Potchefstroom te voorsien en dan die ander twee daarby in te lyf. Dit sou in Januarie 1907 plaasvind.

Aangesien Transvaal geen skool vir blindes, doofstommes en dowes gehad het nie, is die leerlinge, 21 in getal, na Worcester gestuur.

## 4. BEROEPSONDERWYS ONDER SELFBESTUUR, 1907 TOT 1910

### (a) Algemeen

Na verkryging van Selfbestuur, 6 Desember 1906, het Transvaal na sy eerste verkiesing generaal Smuts as Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys verkry. Hy het sy Onderwyswet, wet nr. 25 van 1907, uitgebou op die beginsels van Selborne se memorandum en sodoende die Britse onderwysbeginsel van openbare onderwys as ŉ staatsonderneming aan Transvaal besorg teenoor die begeerte van die volk vir ŉ staatsondersteunde stelsel.[1)]

### (b) Stelsel van Beheer

Direk onder die minister van onderwys was die direkteur van onderwys met ŉ "Raad van Onderwys" om hom by te staan in die opstel van regulasies, maak van begrotings, geldelike toekennings en regspraak tussen die Direkteur en die plaaslike owerhede soos die skoolrade, waaronder weer skoolkomitees gestaan het. Vyftien inspekteurs was saam met die skoolrade verantwoordelik vir die skole. Die skoolrade het beheer gehad oor al die skole behalwe oor hoërskole wat hul eie beheerrade gehad het en die ambagskool te Pretoria, die Potchefstroomse Industriële Skool, die Johannesburgse Tegniese Instituut en die skole van die Transvaalse Huisvlytraad wat selfs gelde vir beurse van die Departement van Onderwys ontvang het.[2)]

### (c) Uitwerking van die Smutswet

Verpligte onderwys soos deur die Smutswet omskryf, het meegebring dat ruim voorsiening gemaak moes word vir beurse en uitbouing van die skoolstelsel om in al die behoeftes van die onderwys te voorsien.

---

1. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 280.

2. Snyman: Smuts - Onderwyswet 1907, 281.

Staatstoelaes is betaal aan die handwerkinstellings en moes die res van die uitgawes deur skoolgelde en dienste van die leerlinge gedek word.

Die Kode met "Instruksies betreffende die Wet en Regulasies" is reeds in 1907 uitgestuur om plaaslike instansies te lei en in 1909 het weer nuwe "Bepalinge vir Laer- en Middelbare Skole en Afdelings vir Blanke Kinders benewens die Leerplan of Leergang"[1] verskyn wat ook van toepassing was op al die beroepskole in die Kolonie.

Kragtens art. 24 van die Smutswet kon die Minister van tyd tot tyd oprig, onderhou of toekennings maak aan skole, klasse of inrigtings vir die onderrig en opleiding van persone in beroepe vir enige ambag of nywerheid, waaronder ook landbou gereken sal word.[2]

Om gehoor te gee aan hierdie artikel het Adamson die soort onderrig soos volg vir hom uitgewerk:

(1) Op die platteland moet die leerplan so gewysig word dat die skole "could fit pupils for country life".[3] Dit beskou hy as die tegniese opleiding wat aan plaaskinders voorsien moet word. Deur die Natuurkenniskursus so te verander, moet die praktiese werk in die skooltuin beoefen word.

> "The mere introduction of the subject into the curriculum, however, will not bring about the change, unless there is introduced at the same time the necessary executive machinery."[4]

Hy stel derhalwe in die vooruitsig ŉ tak van die Onderwysdepartement wat hom net sal besig hou met die plattelandse onderwys. Dit sal die taak van die personeel wees om die Kode vir Natuurwetenskap so te wysig dat die praktiese werk in die skooltuin doeltreffend kan werk. Die personeel behoort te bestaan uit ŉ superintendent, ŉ inspekteur en organiseerder en rondgaande organiserende onderwysers. Landboukundiges as organiseerders moet hier voorkeur geniet, mits hulle kennis het van onderwys. Onderwysers vir die werk sal moet opgelei word onder toesig

---

1. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 281.
2. Goew. Kennisgewing nr. 1126 van 1907, 67.
3. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1908, 20.
4. Ibid., 20.

van die superintendent. Leesstof vir die leerlinge en selfs leiding aan onderwysers moet voorberei word. "He should be an official of the same standing as the Inspector and Organizer of Technical Education."[1] Voorts verduidelik die Direkteur dat die manne die platteland moet deurreis en deeglik die behoeftes moet bestudeer voordat gehandel word.

> "With a department of rural education so organized, a country school code can be carried into effect; without it, it will be a mere empty document."[2]

Om finansiële redes het die Koloniale Sekretaris die gedagte laat terugtrek.[3]

(2) Vir die beroepskole in die dorpe en stede is reeds al 'n organiserende inspekteur in die persoon van W.J. Horne aangestel en

(3) vir koshuisbeheer en Naaldwerk 'n inspektrise in die persoon van mej. A.H.M. du Boulay.[4]

(d) Ambagskole

Behalwe die gewone skooluitbreiding[5] was daar ook 'n groot uitbreiding op die gebied van die beroepsonderwys. Die aanstelling van mnr. W.J. Horne, 'n demonstrateur in Fisika aan die S.A. Kollege in Kaapstad, as inspekteur en organiseerder van tegniese onderwys, dui reeds al aan dat daar goeie voornemens van die kant van die Departement was.

> "The intention is to develop technical education of a primary and secondary character as largely as the resources of the Colony will permit. It is intended that provision for manual training which will usually take the form of woodwork, shall be made in connection with every town and village school in the Colony in the first instance."[6]

Uitbreiding van hierdie fasiliteite na die platteland sal afhang van die mate waarmee die beleid van sentralisasie toegepas kan word.

---

1. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1908, 21.
2. Ibid., 21.
3. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1909, 39.
4. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838 tot 1937, 113.
5. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1908, 6.
6. Ibid., 19.

> "This is technical education at the primary stage; to carry it higher, it is intended to establish technical schools at various centres."[1]

Hierdie skole sou van plek tot plek verskil na gelang die nywerheidsomstandighede van elke plek verskil. Die kursus moet drie jaar neem en sal die leerling teen sy sestiende jaar gereed hê vir sy praktiese werk in die nywerhede. Die leerlinge se fundamentele onderrig sal saam met sy tegniese kursus verhoog word.

> "It is greatly to be regretted that it has not been found possible to push forward with this secondary work of the Department..."[2]

Groot ontwikkeling is vir die nabye toekoms voorspel deur die direkteur wat ook aanstip: "our manual training in the primary schools is expanding rapidly."[3] Ongelukkig kon dieselfde vordering nie op die gebied van die voorgestelde tegniese skole in die hoër afdelings gerapporteer word nie. Slegs die Tegniese Skool in Pretoria is tot stand gebring en is in Januarie 1909 geopen. In Johannesburg sou die Tegniese Skool wat in tydelike geboue geherberg is, nog weldra oorgeskuif word na permanente geboue. Die organiseerder van tegniese onderwys het egter daarop gewys dat die fondse vir die nuwe gebou slegs genoeg is om een derde van die gebou te voltooi, wat dan ook voorlopig so ingerig sal word om slegs 100 uit die 300 leerlinge te herberg.[4] Later is die gebou stuk vir stuk aangebou en het die kostes seker meer beloop.

In Potchefstroom was die industriële skool onder Holmes in funksie en het die regulasies vir die beheer van die skool en koshuise verskyn in Goewermentskennisgewing nr. 909 van 1909.[5] Hierdie kontrole het eintlik daarop neergekom dat die Uitvoerende Raad, wat geregistreer is by die kantoor van die Registrateur van Maatskappye, alle verantwoorde-

---

1. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1908, 19.
2. Ibid., 19 en ook Sekondêre Onderwys (Johannesburg) Komitee se aanbevelings.
3. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1908, 26.
4. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1909, 109.
5. Hierdie regulasies verskyn as Aanhangsel A.

likheid aanvaar. Toekennings is gemaak ten bedrae van R40.00 vir koshuisinwoners wat nie onderrig ontvang nie, maar R48.00 indien die leerling klas loop by die skool op Vyfhoek en die Industriële Skool. Indien die leerling nie meer die Vyfhoekskool bywoon nie, maar net die Industriële Skool, is die toekenning R56.00. Vir leerlinge wat nie inwoon nie, kry die Industriële Skool R20.00, maar as hulle albei skole bywoon, kry die Raad slegs R16.00 per leerling. Die bedrae sal kwartaalliks betaal word.[1)]

Aangesien die oprigting van ambagskole verskillend van die nywerheidskole in hierdie Kolonie 'n nuwigheid is, sal dit nie onvanpas wees om hier die kurrikulum en die doel van sulke skole in breë trekke te skets nie.

Op die ambagskole het die fundamentele onderwys van st.5 tot 7 voortgeduur met ambagswerk en elementêre tegniese onderwys in die werkwinkels onder opgeleide ambagsliede. Seuns bo dertien is opgeneem en die skooldag het van 8 vm. tot 5.30 nm. geduur. Met gereëlde tussenposes van drie maande is die leerlinge getoets totdat hulle in die eindeksamen geslaag het. Die seuns moet nou as werksmanne uitgeplaas word, maar onthou moet word dat diesulkes nog nie gekwalifiseerd is nie en vir die nywerheidslewe geskool word deur praktiese werk.[2)]

(e) Spesiale klasse.

Gedurende die jaar 1908 was daar 25 spesiale sentra, waar klasse in handwerk voorsien is teenoor slegs 21 in die jaar daarop. Die inrigtings kan ons kortliks aanstip: In Johannesburg en die Rand was daar elf sentra, t.w. Burgersdorp, Germiston, Jeppe, Krugersdorp, Langlaagte Weeshuis, Mayfair, Newlands, Roodepoort, Spes Bona, Troyville en Turffontein. In Pretoria was daar Burgerregte, Oos Sentraal, Gezina, Gimnasium, Mayville, Normaalkollege en Spoorweg. Op ander plekke in die Kolonie was daar sentra te Modderfontein, Standerton en Potchefstroom. Wat hier verdwyn het in vergelyking met die vorige jaar is Pietersburg,

---

1. Goew. Kennisgewing nr. 909 van 1909, art. 42 - 45.

2. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1909, 110.

Louis Trichardt, Middagzon en Verzamelhoek. Aan altesaam 2,680 leerlinge is onderrig in hande-arbeid verskaf.[1]

In Kookkuns het die aartal leerlinge van 193 in 1908 tot 743 in 1909 gestyg.

Aandklasse het in 1909 van 50 na 21 gedaal en die aantal leerlinge wat daardeur gebaat is, het ooreenkomstiglik van 1,732 tot 524 gedaal. Deur personeeltekort sou die klas te Cullinan heroorweeg word. Op Modderfontein gaan alles goed, maar in Johannesburg word nie veel tegniese onderwys gegee nie, slegs Masjienkonstruksie.[2]

In Pretoria is die aandklasse oorgeskuif van die Gimnasium en die ander twee plekke na die nuwe ambagskool. Behalwe die verskillende ambagte word ook onderrig gegee in vakke van die middelbare skoolkursus tot die matrikulasiepeil. Handelsvakke word ook gedoseer. Die skoolwerk is gereorganiseer en die goeie uitwerking was teen die einde van die jaar 1909 reeds sigbaar. Onderwysers moes slegs in een spesiale vak klas neem. 'n Leerling wat nog met laerskoolvakke besig is, is oorgeplaas na gewone aandklasse elders en leerlinge wat nie baat by die tegniese kursus kon vind nie, is ook hier uitgeskakel.[3] Vir aandklasse was die uitgawes R7.23 per leerling of R10,095.00 vir 'n totaal van 1397.6 gemiddelde inskrywing.

(f) Plattelandse voorsiening

Die planne van Adamson vir die platteland het egter nie geheel tot niet gegaan nie. In sy jaarrapport van 1909 maak die organiseerder van tegniese onderwys bekend dat hy, nieteenstaande die geweldige hoë pryse van gereedskap vir Natuurkennis, tog daarin geslaag het deur informele tender om gereedskap aan te koop, sodat die skole wat daarom aansoek gedoen het, 'n begin kon maak. Uit die naamlys van die skole wat dan verstrek word, blyk duidelik dat die plaasskole niks daarby gebaat is nie. Al die name van die skole is in dorpe en selfs op die Rand en Pretoria geleë.[4]

---

1. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1909, 56.
2. Ibid., 113.
3. Ibid., 114.
4. Ibid., 112.

(g) Weeshuise

Met die voltooiing van die nuwe koshuis te Potchefstroom het die aantal weeskinders van Irene en Pietersburg die Potchefstroomse weeshuis tot 252 laat toeneem. Die totale staatsbydrae vir die instandhouding van die skool te Potchefstroom vir die jaar 1908 en 1909 was R31,542.00 en R23,874.00 onderskeidelik. Aan sowel Langlaagte as aan die doofstomkinders is in 1909 'n bedrag van R4,693.00 betaal.[1)]

## 5. SAMEVATTING

In Transvaal het beroepsonderwys grootliks sy ontstaan gevind in die behoeftes van die nywerheids-, handels- en landbougemeenskap van die gebied. Waar die algemene skoolonderrig nie snel genoeg kon vorder nie, is selfs laerskoolvakke in die beroepskole aan die leerlinge voorsien. Slegs die Industriële Skool te Potchefstroom het onderrig voorsien wat aan die opheffing van die armblankevraagstuk laat dink het; 'n skoolstelsel wat groot invloed in die Kaapse onderwys van beroepsrigtings uitgeoefen het. Met behulp van 'n organiseerder van tegniese en beroepsonderwys het die Transvaal, onder baie goeie omstandighede in die groot stede en dorpe waardeur die produktemarkte vir die platteland ook ten goede gekom is, 'n stelsel in die lewe geroep wat Transvaal op die vooraand van snelle vordering geplaas het.

---

1. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1909, 57.

## C. DIE ONTWIKKELING VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS EN DIE BEHEER DAARVAN IN O.V.S. VAN 1872 TOT 1910

### Inleiding

So vroeg as 1872 het die Republiek Oranje-Vrystaat op versoek van die sinode van die Nederduits Ger. Kerk sy onderwys herbeplan.[1] Ordonnansie nr. 5 van 1872 het dan tengevolge gehad 'n omskrewe kurrikulum wat in die skole gevolg moes word. So is daarin bepaal dat ook Werktuigkunde op die Greykollege gegee moet word. In die Eunice Damesinstituut is ook Naaldwerk en Kookkuns gegee.[2] Op die platteland is egter op aanbeveling van die inspekteur sekere vakke gekies en is daar geen beroepsvakke gegee nie. Met die oorname van Brebner was dit die toestande wat geheers het.

### 1. BEROEPSOPLEIDING ONDER DIE O.V.S.-REPUBLIEK TOT 1899

Behalwe die twee inrigtings wat hoër onderwys voorsien het, kon al die ander skole slegs onderrig verskaf tot st.7. Die indeling van die skole is soos volg:

(1) Distrikskole.

(2) Wykskole.

(3) Rondgaande skole.

(4) Privaatskole.

Volgens inspeksieverslae 1878 en 1879[3] is Naaldwerk en Tekene geleidelik verpligtend gemaak in die skole wat staatsteun ontvang het en vir die seuns was Houtwerk 'n spesiale vak in sekere skole. Met Brebner se terugkeer van oorsee het hy meer aandag aan beroepsopleiding gegee.[4]

Op die spoorwegkamp is gedurende 1898 'n tehuis vir ambagsleerlinge geopen. Die 47 leerlinge was in die spoorwegwerkwinkels, die poskantoor of by nywerhede in die stad werksaam vir die dag en het spesiale opleiding by vakkundiges ontvang, voordat hulle in die nywerhede as ambagslui uitgeplaas is.[5]

---

1. Acta Sinodi: 1876.
2. Grobbelaar: Middelbare Onderwys in die O.V.S., 9.
3. Inspekteursrapporte: 1878 - 1879.
4. Calitz: Die Geskied. van die Onderwys van die Meisie, 140.
5. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1900 - 1904, 80.

## 2. BEROEPSONDERWYS ONDER MILITêRE BESTUUR

### (a) Algemeen

Namate die Britse magte die twee Boererepublieke binnegetrek het, het dit noodsaaklik geword om die vroue en kinders weg te voer en saam te trek op geleë punte agter hulle linies en in die koloniale gebiede. Ook is die gevange burgers in kampe op eilande of in die twee naburige kolonies ingehok. So is die Groenpunt-kamp by Kaapstad en die kamp te Norvalspont in die lewe geroep. In albei kampe het die gevangenes onderrig ontvang in die elementêre fundamentele vakke.[1] Die onderwysers by Groenpunt was opgeleide burgers van die Republieke.

By hierdie twee skole in die kampe het Sargant, die pas aangestelde direkteur van onderwys vir Lord Milner, sy inspirasie gekry.

### (b) Beroepsonderwys in kampskole

Behalwe die gewone onderwys is in die kampskole ook beroepsonderwys verskaf.

Beroepsopleiding in die skole was merendeels beperk tot vakke waarvoor vakmanne in die kampe te kry was. Die owerhede het die materiaal tot beskikking gestel en het self baie van die vervaardigde goedere gebruik. Steenmakery is beoefen, maar die stene is vir die oprigting van klaslokale gebruik. Skoenmakery is aan seuns geleer, maar die makers van drie paar skoene kon een paar as betaling neem. Houtwerk is beoefen, maar die arbeid was vir die gerief van die kampbewoners. Behalwe dat timmerasies opgesit is, is katels van hout gemaak, skoolbanke en selfs doodkiste.[2] Smedery en Soldeerwerk is in party skole voorsien.

In byna al die kampskole is aan die dogters Kookkuns, Naaldwerk en Huishouding aangebied, waaronder die reëls van higiëne geval het.

---

1. L.C. Kewley: Verslag in Direkteursrapport van 1900-1904, 82.
2. Cd. 893, 42 en 103. In Bloemfontein is nie geleer om kiste te maak nie want daar is in Aug. 1901 vir R800.00 kiste gekoop. Te Vredefortweg is die seuns geleer om kiste te maak.

> "The most interesting new feature in the way of occupation in this camp was a dress-making school."[1]

Twee kleremaaksters van beroep het aansoek gedoen om 'n tent om klere te maak vir inwoners van die dorp. Dit is toegestaan op voorwaarde dat hulle aan tien dogters praktiese voorligting gee. Die vervaardigde goedere is per verkoping van die hand gesit en die wins van R10.67 is gebruik om nuwe materiaal vir die dogters aan te skaf.[2]

Vir die mansgeslagte is daar op breë skaal met Tuinbou 'n begin gemaak teen die einde van die jaar 1901. Die groente wat so gekweek kon word, kon aan die werkers uitgedeel word. Vir dogters is met die aankoms van die nuwe onderwyseres van oorsee Kunsnaaldwerk, Kookkuns, Huishoudkunde en selfs Wasserywerk as vakke aangebied.[3]

(c) <u>Hoër beroepsopleiding</u>

In 1903 is met kookkunsklasse in die Normaalskool in Bloemfontein begin en daar was in 1904 reeds 38 studente wat opleiding ontvang het. Hierdie klasse is ook aan die volgende hoërskole voorsien: Die Convent Hoër, St Michael's Hoër en die Meisies Hoër in Bloemfontein. Ook is 'n klas in Thaba'Nchu gestig en die dames was baie geïnteresseerd in die werk. Mej. Leach was vir die onderrig in Bloemfontein en mej. Lennox-Robertson vir die distrikskole verantwoordelik.[4]

Kunsnaaldwerk en Hekel en Borduurwerk is deur mej. Randall onderrig aan die Normaalskool, Bloemfontein, terwyl die begaafde dames skilderkunsonderrig ontvang het by mej. Firks. Orals in die distrik is klasse in die lewe geroep vir dames. Hiermee was ondermeer mej. Trollope behulpsaam.[5]

---

1. Cd. 893, 98.
2. Dit het voorgeval in die Kroonstadse kamp volgens die Komitee van Dames. Cd. 893, 98.
3. Sargant sê in sy rapport van 1900-1904 dat party wassery as Kafferwerk beskou.
4. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1904, 40.
5. Verslag van mej. Wilson, direktrise van industriële opleiding.

Wassery was nie ŉ populêre kursus nie, maar is tog voorsien deur mej. Derry, wat weldra oorgeswaai het na Kleremakery. Sy het verskeie klasse gereël in Ladybrand, Caledondraai, Wepener en Keble. Verskeie kursusse is ook voorsien deur mej. Reeve in Bloemfontein, terwyl mej. Wilson in Harrismith kursusse gereël het.[1]

Mnr. A.M. Robb, hoof van die Greykollege-skool het in sy rapport verklaar dat handwerk in die vorm van Kartonwerk aan die laer klasse gegee word en Houtwerk in die hoër klasse. Tekene word aan al die klasse voorsien.[2]

Op die Normaalskool is die studente ook getoets vir hul bekwaamheid om Tekene, Skilderwerk, Modellering, Kookkuns, Naaldwerk en Huishoudkunde aan die skoliere te onderrig. Verplaasbare klaskamers is opgerig vir studente wat in hul vierde jaar wou spesialiseer in Kleremakery en Kookkuns. Altesaam 24 studente het in hul derde kursus geslaag en is toegelaat om in diens te tree.[3]

Op aanbeveling van prof. Hele-Shaw wat die tegniese onderwys in Transvaal georganiseer het, is op die Greykollege ŉ lektor aangestel in Natuurwetenskappe. Hy het die hoofde van departemente toegespreek oor tegniese kursusse vir die hoër afdelings. ŉ Kommissie is benoem om die moontlikhede verder te ondersoek en hulle aanbevelings is in 1905 oorweeg.

Behalwe vir tegniese en beroepsonderrig wat reeds die vorige jaar ŉ aanvang mee gemaak is, is die volgende inrigtings tot die getal toegevoeg, naamlik Kroonstad en Jagersfontein.[4] Nog steeds word net gepraat van die beroepsopleiding van dames in die volgende vakke: Naaldwerk en Kunsnaaldwerk, Kleremakery en Hoedemakery, Kookkuns en Huishoudkunde. Met die toetrede van mej. Fields is ook Kantmakery in 1905 tot die kursusse bygevoeg.

---

1. Verslag van mej. Wilson, direktrise van industriële opleiding, 41.
2. Verslag van die hoof: Opgeneem in Jaarrapport van 1904, 46.
3. Verslag van die hoof van Normaalskool, 1904.
4. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1905, 16 ook bls. 47.

> "The fact that eleven prizes were gained at the recent Cape Town Exhibition out of forty exhibits sent from the Orange River Colony for the Women's section is surely a happy augury for the future."[1]

Wat die mans se beroepsopleiding betref, word daar uit verskeie rapporte van hoofde van hoërskole verneem dat die spoorwegskool nog bestaan en dat mnr. Huggins die hoof daar is. Ook word handwerkopleiding aan die Greykollegeskool gedoseer. Houtsneewerk is ook aan damestudente van die Normaalskool gegee volgens die verslag van E.M. Firks, hoof van die skool in 1905.[2]

Gedurende die kroonkolonietydperk word daar nie in een skoolrapport melding van handwerkopleiding in laerskole gemaak nie. Weliswaar is die omvang van die nuwe skole so groot dat die skoolinspekteurs net van die groeiende getalle in die skole melding maak. Die getalle wat gedurende die onderhawige tydperk geherberg moes word, word soos volg saamgevat: 1903 was die inskrywing 9,031, in 1904 12,507 en in 1905 15,577.

(d) Aandklasse

In die nuwe kode en regulasies vir die onderwys in die Oranje-Vrystaat was daar wel regulasies wat die aandklasse beheer het. Dit kon egter nêrens opgespoor word waar sulke klasse in hierdie tydperk voorsien is nie.

Die regulasies bepaal dat dit net drie aande in die week mag plaasvind met goedkeuring van die Direkteur van Onderwys. Dit moet onder die toesig van die hoof van 'n skool plaasvind vir hoogstens twee uur per aand. Die fooi van 50 sente is betaalbaar vir elke student en die leerkragte moet betaal word teen 1½ maal die loon van die dagskaal. Die vakke is dieselfde as wat in die kode vasgelê is.[3]

(e) Beheer van beroepsonderwys

Ordonnansie 27 van 1903 het aan die Oranjerivier Kolonie 'n nuwe onderwysdepartement gegee. Onder die luitenant-goewerneur het die onderwysadviseur en direkteur gestaan. Onder hom was daar die onder-di-

---

1. So sluit die organiseerder van tegniese onderwys, A.M. Wilson, haar verslag aan die Direkteur van Onderwys af in 1905.
2. Id., 64.
3. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1904, 144.

rekteur het daar inspekteurs gestaan vir die noord-westelike distrikte, die suid-oostelike distrikte, die suid-westelike distrikte en die noord-oostelike distrikte. Ook was daar 'n organiseerder van industriële onderwys. Die hoofde van hoër onderwysinrigtings het direk onder die direkteur gestaan. Origens is die O.V.S. in 26 skooldistrikte opgedeel met 'n adviserende distrikskomitee.[1] Onderwys was verpligtend, maar daar is geen verpligte skoolgelde betaal nie. In 1903-4 is vir gewone en beroepsonderwys R199,640.00 en in 1904-5 R221,870.00 in die Kolonie bestee.[2]

## 3. BEROEPSOPLEIDING ONDER SELFBESTUUR (1905 - 1907)

### (a) Onderwysbeheerstelsel van 1905 - 1907

Die groot stryd waarin die inwoners van die Oranjerivier-kolonie met die owerhede gewikkel was oor die drie kardinale punte oor die onderwys van die volk, t.w. die medium van onderrig, die godsdiensonderrig en die beheer van die onderwys deur die ouers self, het gedeeltelik opgeklaar met die ooreenkoms op die Brandfortse konferensie tussen die N.G. Kerk en die onderwysowerhede.[3]

Uit die kongresbesluite het die onderwysordonnansie nr. 29 van 1905 ontstaan. Voorsiening is vir 26 skooldistrikte gemaak ooreenkomstig die magistraatsdistrikte. In elke distrik sal 'n skoolkomitee saamgestel word bestaande uit vyf, sewe of nege lede waarvan die belastingbetalers net een meer as die helfte in elke komitee kan kies. Die goewerneur stel dan die res aan. Subkomitees kan deur die skoolkomitee aangestel word met volle gedelegeerde magte behalwe aanstellingsbevoegdheid sover dit die onderwysers betref. Hierdie komitees moes vry onderwys voorsien aan alle laerskole, maar was vir een sesde van die uitgawes vir onderwys in die distrik verantwoordelik. Skoolplig was tussen 10 en 16 jaar vir twee myl straal van die skool, en dit moes deur die skool-

---

1. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1904, 11.
2. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1904, 1 en 1905, 1.
3. Du Toit: Die Gesk. van die Ontwikkeling van Blanke Primêre en Sekondêre Onderwysbeheer en Beleid in die O.V.S. (1900-26), 123 en 126.

komitee beheer word. Onderwysers kan egter alleen deur die Direkteur van Onderwys ontslaan word vir onbevoegde werk en onsedelike gedrag.[1) ] Dit was die toedrag van sake tot November 1908.[2)]

(b) Beroepsopleiding vir seuns

Na aanleiding van die verbete stryd tussen volk en owerheid het daar nou rus en vrede gekom en kan verwag word dat iets positiefs gedoen moes word. Reeds op aanbeveling van prof. Hele-Shaw is ʼn kommissie vir tegniese onderwys benoem wat die instelling van ʼn tegniese skool bepleit het. So ʼn skool is in 1906 as die Industriële Skool in werking gestel. Die inspekteur maak in sy rapport egter melding daarvan dat "woodwork is at present taught only in the Grey College school."[3)] In dieselfde rapport word verder melding gemaak van Tekene, maar die verband tussen die vak en die aanverwante Modellering en Houtwerk gaan mank aan beplanning. "In the country schools the subject is either entirely neglected or taught inefficiently."[4)]

Teenoor die swak onderrig in handwerkvakke vir die seuns is daar besonder baie vir die dogters gedoen.[5)]

(c) Spesiale klasse

Die wet van 1903 het wel die oprigting van skole vir tegniese opleiding in die vooruitsig gestel, maar daar het alleen beroepsvakke vir dames tot stand gekom. Mej. Wilson wat spesiale organiseerder van hierdie afdeling was, kon in 1906 se rapport dan ook van ruim uitbreidings melding maak.

---

1. Malherbe: Education in South Africa 1652 - 1922, 379vv. Sien ook Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1906, 15 - 16.
2. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1908 - 1909, 10. Dis die datum waarop die Skoolwet van 1908 in werking getree het. Die wet word ook die Hertzog Onderwyswet genoem. C.M. v.d. Heever in Generaal J.B.M. Hertzog gee die datum aan as 1 Sept. 1908 en Du Toit a.w., 237 gee dit aan as 14 Sept. 1908.
3. Direkteur van Onderwys: Rapport 1906, 82.
4. Id., 82.
5. Tot sover is nog net melding gemaak van die spoorwegkampskool vir seuns en Houtwerk vir ʼn dorpskool.

> "The main expansion has been in connection with the Sewing Classes started at the Railway and Municipal Camps in February, 1906."[1]

Weldra moes ŉ kamer gehuur word in Hill's Chambers as ŉ depot. Bestellings vir meer as R400.00 is gedurende die jaar geneem en die helfte van die bedrag is aan werkers van die klasse uitbetaal. Behalwe die twee vaste assistente het tegniese studente ook hand bygesit. Kunsnaaldwerk, Hoedemakery en Kleremakery het in die soort klasse ŉ groot rol gespeel.

ŉ Ander vertakking van die tegniese onderrig vir dames is Kookkuns. In Bloemfontein is ŉ spesiale skool vir Kookkuns tot in Desember aan die gang gehou omdat twee studente hulle kursusse moes voltooi. Ook is in Ladybrand ŉ Kookkunsklas vir volwassenes en dogters deur mej. Davis gereël, wat die vak ook in die skool gee.

Deur die bemoeiingo van mej. Hobhouse is Spin- en Weefskole gestig te Bloemfontein, Winburg, Bethlehem en Phillippolis. Van verskeie ander dorpe is versoeke ontvang om sulke skole te stig. Die departement het R9,000.00 vir die doel beskikbaar gestel en mej. Hobhouse het versoek dat ŉ Huisnywerheidsraad in die lewe geroep moet word om die geld te beheer. Gedurende die loop van die jaar 1908 is reeds verdere skole gestig te Ficksburg, Smithfield, Bultfontein, Fauresmith, Edenburg en Trompsburg. Die standpunt van die departement was egter nie om net skole te stig vir die Huisvlytafdeling nie, maar

> "I desire to point out that the general object of the grant (R9,000.00) is to encourage the development of these industries in the homes of the people. Schools are only opened where initiative is shown and where a certain amount of local support is guaranteed."[2]

Verskeie plekke het reeds al van die vervaardigde komberse, reisdekens, matte en materiale vertoon en dit dui op ŉ spesiale huisvlytrigting.

(d) <u>Beroepsopleiding in openbare skole</u>

Kleremakery, Hoedemakery en Kookkuns is deur mejj. Matthews en Creswell aan die Normaalskool vir die afgelope paar jaar voorsien.

---

1. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1907, 54.
2. Direkteursverslag 1908, 7.

Mej. Horak was egter verantwoordelik vir klasse in Kunsnaaldwerk aan die Normaalskool, die Eunice Hoërskool, die Meisieskool "Oranje" en die Tegniese Voorbereidingskool. In Harrismith het die Kookkunsklasse doodgeloop maar daar is nog onderrig gegee in Klere- en Hoedemakery. Naaldwerk, Kookkuns en Kleremakery het ook op Parys, Ladybrand en Ficksburg flink gevorder.[1] Te Heilbron en Kroonstad is ook opleiding aan die skooldogters voorsien en die leerlinge het volgens hoofverslae baie belang gestel en goeie werk gelewer.

In 1908 maak die inspekteur Elffers melding daarvan dat Tekene en Sang in die reël maar baie swak op die platteland gegee word. Ook in verskeie dorpe is Sang van 'n swak gehalte.

> "Woodwork is only taught at two schools in the Colony: the Grey College School and the Preparatory Technical School. It is to be regretted that want of funds still prevents the introduction into our schools of this useful training for hand and eye."[2]

(e) Aandklasse

Gedurende hierdie tydperk het daar slegs een aandskool in die Kolonie bestaan, nl. aan die Brebnerskool. Die direkteur betreur die feit

> "dat soveel jong manne wie se opvoeding min of meer onvoltooid is, nie meer gebruik maak van die geleenthede om hul vroeëre opleiding te verbeter nie."[3]

(f) Beroepsopleidingskole

(i) Industriële skool te Bloemfontein

Die Industriële skool te Bloemfontein, met mnr. H.S. Huggins as hoof, het in die volgende vakke onderrig gegee: Smedery en Hoefsmedery, Wamakery en Werktuigkunde, Loodgietery, Drukkuns, Elektrotegniek, Saal- en Tuiemakery.[4] Hierdie skool het in die diepgevoelde behoefte voorsien en veral verarmde omstandighede van die ouers het die deurslag vir toelating bepaal.

---

1. Verslag van die organiseerder van tegniese onderwys, 1908.
2. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1908, 33.
3. Id., 16.
4. Verslag van die hoof van die Industriële skool vir 1908.

Hierdie seuns het gevarieer tussen die ouderdomme van veertien en sewentien jaar en hulle is vir die praktiese ervaring in werkplekke in die dorp uitgeplaas. Hiermee is in die jaar 1908 ŉ bedrag van R1,705.00 verdien. Omdat dit ŉ vraagstuk skep om vir al die seuns werkplek in die dorp te kry, is aan die hand gedoen dat werkwinkels op die skoolterrein opgerig word. Eers in 1910 sou die eerste seuns hul driejaarkursusse voltooi het. Hieruit blyk dat die skool in 1907 in die lewe geroep is. Vir die skoolbiblioteek het die voorsitter van die skoolkomitee, sir. J.G. Fraser, R10.00 geskenk en het die Onderwysdepartement op die pond-vir-pond-stelsel bygedra.

(ii) Die Praktiese Voorbereidende Skool

Die Praktiese Voorbereidende Skool te Bloemfontein het in 1906 sy gewone skoolrooster so verander om in die abstraktheid daarvan meer praktiese inslag te gee.

> "De school hier bedoeld is niet een ambacht-school, maar een gewone elementaire school meer prakties ingericht en aangevuld met handwerk en handearbeid van elementaire aard."1)

Handwerkvakke wat gegee is, was praktiese Kindertuinwerk vir die klein kindertjies, Kartonwerk vir groter seuns en Naaldwerk vir dogters. Na skoolure het die dogters aan rokke en ander naaldwerk gewerk, terwyl die seuns mandjies gevleg het. Hierdie skool is op 1 Mei 1908 deur die owerheid oorgeneem.

Die voorsitter van die komitee, ds. W. Postma, het in sy laaste rapport oor die skool verklaar:

> "De ondervinding leert nu dat de Handwerken geen afbreuk doen aan de andere vakken, maar er veeleer toe meewerken dat het ander werk met meer vlyt en met meer sukses gedaan wordt."2)

Tegniese en beroepsonderwys het sover nog maar ŉ sukkelgang gegaan en dien nog glad nie die doel waarvoor dit ingevoer is nie. Dit geld veral die skoolopleiding waar die voertaal nog steeds Engels is.

---

1. Rapport van ds. W. Postma 1908. Opgeneem in die direkteursverslag van 1908, 71.
2. Ibid., 72.

## 4. BEROEPSOPLEIDING ONDER VERANTWOORDELIKE BESTUUR (1907-1910)

### (a) Beheer van tegniese en beroepsonderwys

Na verkryging van verantwoordelike bestuur het generaal Hertzog wat prokureur-generaal was, ook minister van onderwys geword. Onmiddellik het hy oorgegaan om 'n onderwyswet vir die Kolonie voor te berei en geproklameer te kry. Dit was nog steeds die hoekpilaar van die onderwys naamlik moedertaalonderwys waarom die hele saak gegaan het. In die Hertzogwet[1] het albei tale gelyke regte gekry en is moedertaalonderwys tot standerd vier vasgelê.

Waar die Christelike Calvinistiese beginsel van seggenskap van ouers in die onderwys van hulle kinders nog steeds nie ten volle in die wetgewing van 1905 geëerbiedig is nie, is ouers verplig om hul kinders tussen sewe en sestien jaar skool toe te stuur teen 'n geringe vergoeding vir die onderwys. Provinsiale beamptes is aangestel om die gelde te in, maar elke skool het 'n skoolkomitee gehad wat deur die ouers verkies is en diè kon ouers met lae inkomste van skoolbydraes vryspreek. Die skoolkomitees moes weer ses uit die nege skoolraadslede kies en die minister kon drie aanstel. Een van die raadslede moes 'n hoof van een van die groot skole in die distrik wees.[2]

Aan die hoof van die Departement wat kragtens die Hertzogwet tot stand gekom het, was 'n direkteur van onderwys wat weer skoolinspekteurs onder hom gehad het om met die administrasie sowel as die skoolinstellings te help. Slegs enkele hoërskole veral in Bloemfontein en Kroonstad het hul eie beheerrade behou. Op die oog af lyk dit of die Wet wat soveel wrywing veroorsaak het[3] nogal albei taalgroepe en die meerderheidsgroep op godsdienstige gebied sou tevrede gestel het. Die Wet is egter later op die konvensie vir die Unie baie sterk deur die Vrystaatse afvaardiging verdedig.

---

1. Wet nr. 35 van 1908.
2. Du Toit: Die Gesk. van die Ontwikkeling v. Blanke Primêre en Sekondêre Onderwysbeheer en beleid in die O.V.S. (1900-1926) 242-245.
3. Notule Laerhuis: 26 Junie 1908. Fraser sê daar "The Bill is not for the better administration of education, but for worse administration of Law."

Nietemin was die Wet ʼn grondslag vir die toekomstige volk en is die beroepsonderwys daar ook baie deur gebaat soos sal blyk uit die groot vordering wat op die gebied gemaak is deurdat die volk hom by die beginsels neergelê het.

(b) Tegniese en beroepsonderwys in die hoër inrigtings

Gedurende die wintervakansie van 1908 het die Grey Universiteitskollege na sy nuwe gebou oorgeskuif en het die aantal studente van 42 na 60 aangewas. Een student het in sy eerste myneksamen geslaag.[1)]

Die Greykollege-skool met ʼn inskrywing van 232 leerlinge het saam met die gewone skoolvakke Snelskrif en Handelsvakke voorsien. Mnr. H.G. Purkiss het die Handelvakke ook vir die Senior Sertifikaat van die universiteit onderrig. Skoolruimte was in 1909 - 1910 so beperk dat nuwe uitbreidings aangevra is.[2)]

Beroepsopleiding in die Eunice Hoërskool het in die tydvak onder behandeling bestaan uit Musiek, Skilderkuns en Tekene, asook Naaldwerk, Kookkuns, Kleremakery en Hoedemakery. Verskeie pryse is ook op die Kimberleyse tentoonstelling in hierdie rigting deur leerlinge verower.[3)]

Behalwe vir Houtwerk onder leiding van mnr. Wright het die manstudente van die Normaalskool ook nog Tuinbou onder mej. Carlyon gevolg. Vir die dames was daar behalwe Tuinbou ook nog opleiding in Kookkuns en Huishoudkunde, Kleremakery en Hoedemakery, asook Kunsnaaldwerk. In die tegniese vakke kon onderwyseresse spesialiseer.[4)]

In die ander hoërskole is slegs Naaldwerk en Houtwerk of Tekene gegee.

Op 31 Augustus 1910 beveel die direkteur, dr. W.J. Viljoen, aan dat voorsiening gemaak moet word vir die uitbreiding in die tegniese vakke soos Houtwerk, Naaldwerk en Kookkuns vir seuns en dogters. Inspekteur Brinsley White verklaar in sy jaarverslag van 1910:

---

1. Voorsittersrapport, prof. J.H. Woolston.
2. Verslag van die Hoof vir jare 1909 en 1910.
3. Ibid.
4. Verslag van die hoof van die inrigting vir die jaar 1910.

> "Perhaps the greatest practical need in this circuit at the present moment is provision for manual training, in which subject, I fear, we are far behind the neighbouring Provinces."[1]

Die ambagskool in Bloemfontein, wat sy leerlinge vir hul praktiese werk by nywerhede uitplaas, sukkel nog steeds om werkwinkels vir die opleiding van die seuns te kry.

In die volgende skole was daar handwerkklasse vir dogters gedurende die onderhawige tydperk: die Oranje-Skool, Ladybrand, Parys, Frankfort, Vrede, Bethlehem en Heilbron. Hierdie skole is elk van ŉ opgeleide huishoudkundige onderwyseres voorsien. Mej. A.M. Wilson, die organiseerder van industriële opleiding vir dogters, beveel in haar rapport aan dat meer geriewe beskikbaar gestel moet word vir hierdie vertakking van die onderwys waarvoor die toenemende belangstelling baie bemoedigend is.[2]

(c) <u>Die "Oranjerivier Kolonie Naaldwerk Depot"</u>

Hierdie inrigting het van krag tot krag toegeneem. Behalwe die vaste werkers in die lokaal het sowat 150 leerlinge in Bloemfontein klasse bygewoon en omtrent 200 op die platteland. Die regering voorsien jaarliks ŉ bedrag van R700,00 vir die instandhouding van die depot en ontvang in ruil daarvoor heelwat meer in harde munt. Al die verkope moet by die skatkis gestort word. Daar is gepleit dat ŉ ander basis van toekenning bereken moet word om hierdie deeglike werk te laat voortbloei.[3]

(d) <u>Spin- en Weefskole</u>

(i) <u>Beheer van skole onder "Huisindustrieraad"</u>

Onder seksie 77 van die Skoolwet van 1908 deur Goewermentskennisgewing nr. 357 van 1908 is die huisindustrieraad direk onder die direkteur van onderwys aangestel om van 1 November 1908 met hul werksaamhede te begin. Die volgende persone is op die Raad aangestel: mnre. H.F. Gill,

---

1. Jaarverslag van kringsinspekteur van die Suid-westelike afdeling vir die jaar 1909-1910.
2. Jaarrapport van mej. Wilson vir 1910.
3. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1909 - 1910, 64.

G. Brebner, A.C. Lyell en drr. Bidwell en Knothe asook mevv. P.J. Blignaut, Fichardt, Scrivenor en Mc Kinley. Eersgenoemde is as voorsitter gekies en eersgenoemde dame as ondervoorsitster.[1] Die Raad het sy eie organiseerder aangestel in die persoon van mnr. P. Milroy wat skole in die plattelandse dorpe en selfs in die distrikte gestig het. Elke skool het sy eie beheerkomitee gehad wat verantwoordelik was vir die uitgee van spinwiele en weefstoele en die verkoop van die vervaardigde artikels. In Philippolis en Bloemfontein het depots die materiale uitgegee om weer terug ontvang te word. Aan die skole het leerkragte die volwassenes en onvolwasse leerlinge met die nodige leiding in al die afdelings van die beroep bygestaan en hulle is deur die opleidingskool in Bloemfontein met die kennis en vaardigheid toegerus.

(ii) Opleidingskool van die "Huisindustrieraad"

Die opleidingskool in Bloemfontein is gestig om die nypende tekort aan behoorlik toegeruste personeel aan te vul. Aan die skool is mej. Picard as hoof aangestel en het sy met die opening van die inrigting sewe studente tot haar beskikking gehad, waarvan die Huisindustrieraad vyf van beurse van R100.00 elk voorsien het. Alleen kandidate wat reeds al ʼn jaar lank weef- en spinklasse in die distrikskole bygewoon het, kon hulle vir ʼn streng toets om toelating aanmeld. Die doel van die Raad is dan ook "om onderwys in spin en weef en ander kundighede vir meisies en vroue in die O.R.K. te verskaf, wat sal dien as beroepe, wat hulle kan beoefen terwyl hulle tuis is en waardeur hulle artikels kan vervaardig vir gebruik in die huise en dus die huishouding daardeur verstewig." [2]

(iii) Spin- en weefskole op die platteland

Daar word nie gestreef na opleiding om die inkomstes van die huisgesin groter te maak nie, maar slegs om onderrig vir private gebruik te voorsien. Daarom is skole deur die Raad oor ʼn breë gebied opgerig en sal nog veel meer opgerig word. Onderwyssalarisse word deur die

---

1. Verslag van die voorsitter van die huisindustrieraad vir 1909.
2. Verslag van die Huisindustrieraad vir 1909.

Raad[1] betaal en is op die pond-vir-pond-stelsel-skole onder plaaslike beheer in die lewe geroep. Die plaaslike beheerkomitee moet dan ook die vervaardigde goedere bemark en sodoende tot die instandhouding van die skool bydra.

Uitrusting en veral spinwiele sal nog by die honderde benodig word en hoewel dit uit Port-Elizabeth verkry word, word aan die hand gedoen dat die industriële skool in Bloemfontein dit moet vervaardig. Weefstoele word juis al in die Kolonie vervaardig en is van 'n doeltreffender kaliber as die ingevoerde apparate.[2]

In die twee jaar van bestaan het die Raad sy werk verdubbel en is ook besluit om in arm omgewings skole op 'n ander basis in die lewe te roep. So is vir Kopjes en die Bloemfonteinse kampskool koöperatiewe depots in die lewe geroep. Persone wat dan die gare spin, lewer dit daar in en die wewers verwerk dit in matte, reisdekens en nuttige artikels, wat verkoop word en aan elkeen sy verdiende deel besorg.

Die heer Milroy wat as organiseerder van die Raad aangestel is, verklaar dat die vyf skole wat deur mej. Hobhouse in die lewe geroep is, op 'n hegte grondslag geplaas is en dat 'n verdere agt skole in die Kolonie gestig is.[3] Al die skole is van nuwerwetse apparaat voorsien.

Op Philippolis werk die skool soos volg: 'n plaaslike komitee beheer die skoolafdeling. Een doen die toelating van leerlinge wat ooreenkomstig die reëls en regulasies van die Raad moet werk. Die vervaardigde goedere word dan na die kuratore van die fabriek geneem om dit te verkoop. Hierdie kuratore het aanvanklik R800.00 ontvang om materiaal en uitrusting mee aan te koop. Albei beheerliggame het dus hul afgebakende gebied en die samewerking was hartlik. Omtrent agt leerlinge word jaarliks deur die skool voorberei. Hulle kan dan vir hulleself in hul huise gaan werk of hul dienste aan die fabriek gee.

---

1. Die huisnywerheidsraad van die O.V.S. het op eie inisiatief en op aanbeveling van hul organiseerder skole opgerig en salarisse aan hul onderwyseresse betaal.
2. Al die gegewens is verkry uit die jaarverslae van die Huisindustrieraad en sy organiseerder, mnr. Milroy vir 1908 en 1909.
3. Die skole is op Bethlehem, Bloemfontein, Bultfontein, Edenburg, Fauresmith, Ficksburg, Philippolis, Winburg, Trompsburg, Smithfield, Ladybrand, Roodepoort en Parys.

Die fabriek het weer twee vertakkinge. Ongeveer 250 doen spinwerk in hul huise en verkoop die gare aan die kuratore. Hier in die fabriek word ongeveer 20 dames gebruik om die gare in weefstowwe om te skep. Artikels van die fabriek op Philippolis is dwarsoor Suid-Afrika verkoop.[1)]

Op party sentra het die leerlinge van die skool in koshuise tuisgegaan en is hulle ook saans geleer om gewone skoolwerk soos Lees, Skryf en Rekenwerk te doen. Op die opleidingskool het hulle nogal heelwat te bereken, want die dikte van die gare en gewig van die stof vir elke kledingstuk moet vooraf bepaal word. Die kwekelinge moet ook heelwat van die elementêre opvoedkunde weet om as instruktrises te kan optree. Om materiaal te verf en smaakvol te kleur en om patrone te bepaal en te bereken, is ook nie vir die laaggeskoolde leerling so maklik nie.[2)]

In 1910 was daar agt tweedejaar- en vier eerstejaarleerlinge wat ook alle matte en artikels eers moet teken en kleur. Die totale aantal leerlinge in al die weefskole was 137 vir die jaar 1910 teenoor 120 vir die vorige jaar.

5. <u>SAMEVATTING</u>

Oor die algemeen kan gesê word dat daar nog heelwat meer op die gebied van die soort onderwys gedoen kon word en daarvan was die owerhede ook ten volle bewus. In 1910 is dan ook ŉ kommissie van ondersoek aangestel om rapport uit te bring en aanbevelings te doen oor die bevordering van beroepsonderwys in die O.R.K. Ook het die O.R.K.-parlement op sy laaste sitting ŉ som van R8,000.00 gestem vir geboue ten opsigte van tegniese en beroepsonderwys.[3)]

Beroepsonderwys vir jongmanne in die O.V.S. was tot 1910 tot die spoorwegwerkplekke in Bloemfontein en die Greykollegeskool beperk waar Houtwerk voorsien is. Vir die dames is egter baie meer gedoen en is

---

1. Verslag van die organiseerder van die huisnywerheidsraad, 1909.
2. Verslag van mej. M.K. Picard van die opleidingskool, 1909.
3. Notule van die Laerhuis, 1910.

Kookkuns aan baie inrigtings voorsien sowel as Kleremakery, Hoedemakery en die spin en weef van nuttige artikels wat redelik goed van die hand gesit is.

## D. DIE ONTWIKKELING VAN BEROEPSONDERWYS EN DIE BEHEER DAARVAN IN NATAL VAN 1846 TOT 1910

### Inleiding

Waar beroepsonderwys 'n onontbeerlike noodsaaklikheid van die twintigste eeu geword het, het dit in die twee Britse kolonies Kaapland en Natal agterweë gebly tot aan die einde van die negentiende eeu. Natal wat teen die helfte van die negentiende eeu groot getalle Engelse immigrante gelok het, kon sonder twyfel veel vroeër deur sy onderwys aan die wense en behoeftes van sy kommersiële volkshuishouding voldoen het. Weliswaar het hierdie kolonie direk onder die Kaapse-goewerneur gestaan, maar sy onderwys was hoofsaaklik in die hande van sy eie luitenant-goewerneur. Eers het hy die skoolkomitee gehad om hom by te staan in die onderwysbeheer en van 1853 'n groter en omvangryker onderwyskomitee. Later het 'n Wetgewende Raad saam met die luitenant-goewerneur die superintendente van onderwys, t.w. Mann, Brooks en Russell aangestel om onderwys in die Kolonie te administreer en te inspekteer, want finansiële staatsteun kon alleenlik op goeie inspeksierapporte volg.[1] Feitlik geen beroepsonderwys is tot 1877 in skole voorsien nie.

### 1. BEROEPSONDERWYS VAN 1846 TOT 1893.

#### (a) Beroepsonderwys in gewone primêre en hoërskole tot 1893

Die Sentrale Raad van Onderwys, bygestaan deur die superintendent-inspekteur, Russell, as sekretaris van die Raad,[2] sowel as twee inspekteurs om te help met die inspeksiewerk het kragtens Wet nr. 15 van 1877 staatsprimêre en staatsprimêre modelskole gestig en die leerplan voorgeskryf. Dit was staatsbeheerde skole, maar ook die staatsondersteunde privaatskole kon die leerplan volg en sodoende die R4.00 per leerling ontvang op die "payment by results" -stelsel.[3] Deur die leerplan te volg waarin behalwe die gewone skoolvakke ook Tekene, Sang,

1. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 217.
2. Ibid., 219.
3. Ibid., 220.

Liggaamsoefeninge, Naaldwerk en Huishoudkunde vir dogters ingesluit was, kon ook die plaasskole, "Farm-House Schools" sowel as private kerkskole op dieselfde wyse die toelae bekom.

Die hoërskole is in 1893 in twee gedeel sodat die leerlinge wat wou gaan werk, die klassieke tale kon vervang met ʼn moderne taal, Boekhou en die natuurwetenskappe. Hierdie "spesiale vakke" sou dan deur gespesialiseerde leerkragte onderrig word. Dat daar wel ʼn behoefte aan die soort van onderwys in Natal was, blyk uit die feit dat die skole nou besonder vinnig gegroei het.[1] Nie minder as 96% van die Natalse skoolbevolking was in 1893 op die skoolbanke nie.

(b) Beroepsonderwys in Spesiale Inrigtings

(i) "Mechanic's Institute"

Nood leer bid en daarom het maatskaplike ondernemings so vroeg as 1853 deur spesiale initiatief die sogenaamde "Mechanic's Institutes" op verskeie dorpe in Natal in die lewe geroep. Hierdie inrigtings het ten doel gehad om sowel die vroeë skoolverlaters as immigrante "from Home" d.m.v. lesings, klasse en andersins vir die praktiese lewe toe te rus. Die inhoud van hul werk sou op voorsettingsonderwys neergekom het. Die Durbanse Mechanic's Institute het soveel studente gehad dat die owerheid jaarliks ʼn toelae van R60 aan die belanghebbendes uitbetaal het.[2] Nadat die Sentrale Raad van Onderwys in 1877 spesiale vakke aan sy skole begin voorsien het, het die instellings teen die tagtiger jare van die agtiende eeu verdwyn.

(ii) Aandskole

Verskeie poskantoor- en spoorwegwerkers wat nie die vereiste skoolopleidingsertifikate gehad het nie, het saans klasse in die twee groot stede bygewoon om hul kwalifikasies te verbeter. Aanvanklik het gewone skoolleerkragte hierdie opvoedingswerk verrig, maar hulle is in die jaar 1886 nie toegelaat om sonder toestemming van die S.O. ekstra klasse te gee nie.[3] Hierdie aandskole het in 1882 met staatshulp

---

1. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 220.

2. Ibid., 214.

3. Ibid., 220.

ontstaan en is gewone skoolvakke sowel as die een of ander beroepsvak voorsien.

(iii) Kunsskole

Twee kunsskole is in Durban en Pietermaritzburg met die hulp van die "Natal Society of Art", ꞥ privaat vereniging in 1888 gestig en het die munisipale rade die kunslokale en ateljees voorsien. Albei die skole het onder die beheer van die Sentrale Raad van Onderwys gestaan en is ꞥ kunsonderwyser uit Engeland aangestel teen ꞥ minimum salaris van R1,000.00 per jaar. Albei skole het behalwe Skilderkuns, Etswerk en Houtsneewerk ook tegniese onderwys voorsien, aangesien die "Government School of Art, Science and Technical Instruction" dit oorgeneem het.[1]

(iv) Tegniese spoorwegskole

In 1884 het die Natalse spoorweë klasse van ꞥ tegniese aard vir hul werknemers ingestel, maar dit was geheel en al buite die Natalse Onderwysdepartement om.[2]

## 2. BEROEPSONDERWYS VAN 1893 TOT 1910

### (a) Beheer van gewone beroepsonderwys

In 1893 het Natal Verantwoordelike Regering gekry en het die Raad van Onderwys verdwyn[3] sodat ꞥ Minister met ꞥ Superintendent van Onderwys ꞥ volle onderwysdepartement kon beheer.[4] Inspekteurs op hoofkantoor en twee klerke het gehelp met die administrasie. Die kolonie Natal is vir inspeksiedoeleindes in drie kringe opgedeel nl. die Kusstrook, die Middellande en die Noordelike Distrikte. Die inspekteurs moes elke skool jaarliks besoek en inspeksie doen sodat die toelaes vir goeie werk uitbetaal kon word.[5] In die staatskool het die hoofde volle beheer gehad oor die leerkragte en hulle was net aan die departement verantwoording verskuldig.

---

1. Steenkamp: Onderwys vir Blankes in Natal 1824-1940, 147.
2. Wulfsohn: ꞥ Vergelykende Studie van Beroepsonderwys in S.A., 58.
3. Natal Eduction Commission Report, 1891.
4. Prime Minister's Minutes Natal, 4 Aug. 1894.
5. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 223.

(b) Beroepsonderwys in gewone skole van 1893 tot 1910

Russel wat stelselmatig maar beslis daarop uit was om die skole van die Hollands-sprekende inwoners van Natal te kortwiek en te verengels,[1] moes vroeg in die twintigste eeu plek maak vir 'n doelgerigter opvoedkundige wat direk die opdrag gehad het om die onderwys te reorganiseer.

In 1902 het mnr. P.A. Barnett Superintendent van Onderwys in Natal geword. Hy het dadelik die kode laat hersien en hervorm

> "with the view to increasing from time to time its flexibility and usefulness. It is intended to relieve the syllabus of some of its present formal requirements to make room for more concrete subjects, immediately applicable to life."[2]

Ook het hy geglo dat die uitwerking van die meer praktiese vakke op die formele werk voordelig sal wees. Die openbare lewe stel ook direk belang by sulke vakke en dit is die "domestic arts".

> "The teaching of handwork is in many schools well done, but it is not always given with regard to its educational fitness".[3]

Verder het die Superintendent gesê dat alle seuns Tekene moet neem en van die tekenwerk af al die praktiese vorms in Houtwerk of Kartonwerk ensomeer moet kan herlei. Net so moet alle dogters ten minste "a rudimentary practical acquaintance with domestic economy in subjects like cookery and neeldework" hê. Uit die inspeksierapporte[4] blyk dit dat die staatskole redelik toegerus was vir die praktiese handwerkvakke en dat dit geredelik voorsien is in staatsondersteunde skole, maar op die plaasskole was die werk meestal in die hande van onopgeleide leerkragte.

Vakke wat wel in verskeie skole gegee is, is Kookkuns vir dogters, Naaldwerk, Houtsneewerk, Uitsnywerk (klerasie en rokspatrone) asook Modellering. Ongeveer 2,000 leerlinge is in 1903 in privaatskole on-

---

1. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 226.
2. Direkteur van Onderwys: Jaarrapport 1902, 4.
3. Id., 4.
4. Inspekteursrapporte op 22 Januarie, 1902 vir Boy's Model School Pietermaritzburg, Girl's Model School, Durban; Bellair Girl's School; Newcastel School ens.

derrig en hulle hoef nie die voorgeskrewe staatsleerplan te volg nie. In verskeie skole is selfs Handelsvakke soos Tikskrif, Snelskrif en Boekhou gegee.

(c) Beroepsonderwys in kunsskole

Daar was van 1888 af twee kunsskole in Natal, een in Durban en een in Pietermaritzburg. Dieselfde leerkragte het ook aan leerlinge van 26 staatskole kunsvakke onderrig teen vergoeding bereken vir die Gevorderde Teken en Skilderkunssertifikaat, 50 sent per maand, vir die Elementêre Sertifikaat, 25 sent terwyl dit vir onderwysers en skoolleerlinge vry was.[1)]

Die kandidate het in die eksamen die South Kensington-sertifikaat in Engeland verwerf. Geleidelik het die twee skole veld gewen en in 1905 kon die Superintendent in sy rapport meld:

> "Much is being done in both schools to foster art and to extend its influence, and there is every indication of a much larger attendance of pupils."[2)]

Die geboue in Durban was alles behalwe bevorderlik vir die werk, terwyl in Pietermaritzburg oorgetrek is na die ou kantoor van die onderwysdepartement.

In 1904 het die direkteur van die kunsskole die klasfooie vir gevorderde kandidate na R1.00 per maand verhoog en die kandidate vir elementêre sertifikate moes 50 sent per maand betaal.[3)] Ongelukkig moes die inspekteur Hugh Bryan in sy jaarrapport meld:

> "it is a curious commentary on human nature that the desire to fix or accurately record the beautiful, dies with the school days in the vast majority of cases."[4)]

Vanweë gebrek aan ondersteuning deur die volwasse publiek het die skool in 1907 net onderrig gegee aan die onderwysers en skoolleerlinge.

---

1. Rapport van die direkteur van die staatskool in Kuns 1902.
2. Superintendent van Onderwys: Jaarrapport 1905, 5.
3. Direkteur van kunsskool se verslag vir 1904.
4. Inspekteursverslag van die Kusdistrik vir 1906.

> "The Art School continues to obtain very meagre public support and is almost entirely occupied in supplementary work for teachers and pupils from Government Schools."[1]

Wat die kunsskool in Pietermaritzburg betref, het die Inspekteur van Onderwys soos volg in 1908 gerapporteer:

> "The Art School at Maritzburg still receives a minimum of recognition from any but Departmental sources."[2]

Uiteindelik smelt die kunsskool van Durban saam met die tegniese instituut en die Pietermaritzburgse kunsskool verdwyn in die opleidingskool vir onderwysers in 1909.

(d) <u>Tegniese en handelsonderrig</u>

Behalwe die Tekene en Skilderkuns wat die kunsskole gedurende die dag gegee het, het lektor W.H. Bailey ook lesings in die aand gegee aan studente wat belanggestel het in Boukonstruksie en Masjientekene. Sestien studente het in Pietermaritzburg die kursusse gedurende die eerste ses maande van 1904 gevolg. In Durban het mnr. C.F. Redmond in die kunsskoolkamers nr. 13 en 14 van die London Chambergebou, op Maandae en Dinsdae in die middag klas gegee asook in die aande van 7 tot 9 in Houtsneewerk. Onderwyl verskeie skole in Natal besoek ?en onderrig gegee het gedurende 1904, is in Pietermaritzburg klasse begin deur W. Burree onder die beskerming van die kunsskool. Hierdie klasse is aan dertien leerlinge in handelsvakke gegee.[3] Die superintendent van onderwys, J.C. Mudie, het Natal as 'n handelsland gesien en nie as 'n industriële gebied nie. In sy jaarrapport van 1906 het hy soos volg verklaar:

> "in Natal the efforts made by Government and others to establish Technical classes have not met with much success from a numerical point of view........ This, however, will not deter the Department from making fresh efforts."[4]

Reeds al in 1905 het die onderwysdepartement net soos die Engelse regering in die Oranjerivier Kolonie professor Hele-Shaw van die Technical Institute van Johannesburg laat kom om advies te gee vir verdere organisasie van die tegniese opleiding in Natal. Ook hier is aanbe-

---

1. Superintendent van Onderwys: Jaarrapport 1907, 5.
2. Inspekteursverslag van die Middellande vir 1908.
3. Rapport van die Direkteur van die Kunsskool 1904.
4. Superintendent van Onderwys: Jaarrapport 1906, 6.

veel dat 'n kommissie van ondersoek ingestel moet word.

> "The entire absence of manufacturers and industries in the Colony accounts for the paucity of students taking advatage of the existing opportunities....."[1]

Aan die hand word gedoen dat met die klasse wat reeds bestaan, voortgegaan moet word totdat beter finansiële toestande intree. Studente moet dan toegelaat word om die laboratoria van die Pietermaritzburgse en die Durbanse kolleges in die tussentyd te gebruik. In Durban kan dan 'n tegniese instituut gestig word. Die handelsrigtings soos Tikskrif, Snelskrif, en Boekhou word in baie skole in die provinsie met groot belangstelling van die publiek aangebied. Die Cedara Landboukollege is deur die Superintendent as die grootste bate in die Kolonie beskou.[2]

Op 30 Junie 1907 is die "Durban Technical Institute" in die lewe geroep en is die drie voortsettingsklasse t.w. die snelskrifklas, die aandskool en die "Telegraph Boy's Class" daarby ingeskakel. Die vakke wat deur die inrigting aangebied word, is die volgende: Boukonstruksie en Tekene, Plantkunde, Skeikunde, Mediese vakke, Magnetisme, Elektrisiteit en ander Matriekvakke.[3]

Reeds die volgende jaar het die spoorweë hul vakleerlinge beïnvloed om die klasse van die Tegniese Instituut saans by te woon. Die posbestellers het ook die aandklasse verkies en so het die "Durban Technical Institute" 'n redelike wegspring kans gehad. Die stadsraad van Durban het jaarliks R1,000.00 en die Onderwysdepartement R3,510.00 tot die skool se uitgawes bygedra en boonop het die Departement vir 1910 'n bedrag van R30,000.00 gestem vir nuwe geboue.[4] Ter wille van die Instituut is die geldelike steun van die Departement aan die "Business College" onttrek. Die gedagte was dat dit ook onder die Tegniese Instituut moes inskakel. Daarvoor was die komitee nie te vinde nie

---

1. Superintendent van Onderwys: Jaarrapport van 1905, 5.
2. Id., 5.
3. Inspekteursrapport vir die kusdistrikte 1907.
4. Superintendent van Onderwys: Jaarrapport 1909, 7.

> "and it is now a private institution with quite a large clientele of day and night students."[1]

Weldra sou die aantal studente in die Tegniese Instituut gestyg het sodat daar 410 studente was in 1909 en 150 in die voorbereidende afdeling.

'n Wakker hoof is vir die inrigting gevind en 'n energieke Raad is benoem. Al die studente wat langs die spoorlyn woon, word betrek deur klasse wat vir hulle gereël is in Malvern, waar inleidende kursusse aangebied word.[2]

Aanvoorwerk is ook al gedoen vir die oprigting van 'n soortgelyke inrigting in Pietermaritzburg sodat die 80 studente wat die aandklasse bywoon, sowel as die 90 studente wat die ondersteunde Handelskollege besoek, opgeneem kon word. Met die verskuiwing van staatskantore sou daar ruimte vir die Tegniese Instituut in Pietermaritzburg kom sodra die Unie begin funksioneer.[3]

(e) <u>Deeltydse beroepsopleiding</u>

Na 1904 het die volwasse publiek aandklasse in handels- en tegniese rigtings asook deeltydse klasse bygewoon.

Kursusse is sedert 1904 deur die Departement van Onderwys vir sowel leerlingonderwysers as onopgeleide onderwysers gereël. Dikwels het die kursusse die een of ander nuttige vak soos Naaldwerk of Kleremakery gedek. 'n Kortkursus vir onderwysers aan die Cedara Landbouskool in Julie 1909, die eerste van die soort, het 18 leerkragte getrek. Die Departement was dan ook van voorneme om die soort kursus sterk by die onderwysers aan te beveel. Die hoof van die Landbouskool het dit in die vooruitsig gestel om 'n handboek oor landbou-onderwys vir die laerskoolleerlinge uit te gee.[4]

In Pietermaritzburg was daar ook 'n stokperdjiekursus wat jaarliks baie aandag getrek het. Dit het onder leiding van mej. Armstrong gestaan en sy het haar op die maak van nuttige artikels toegespits.

---

1. Superintendent van Onderwys: Jaarrapport 1909, 7.
2. Kalender van Durbanse Tegniese Instituut 1909.
3. Superintendent van Onderwys: Jaarrapport 1909, 8.
4. Id., 8.

Tot 40 inskrywings was op die rol en is gewerk met vakke soos Houtwerk, Mandjievleg, Netvleg, Reliëfwerk, Houtsneewerk en andere.[1]

Gedurende Februarie 1908 het in Vryheid ook 'n Spin- en Weefskool ontstaan met mej. J. Steynberg as die leerkrag. Sy het in 1910 reeds 65 leerlinge gehad en R726.00 aan toelae ontvang. Die Superintendent het die werk baie sterk aangeprys en was ook geneë om meer sulke skole te steun. Die leerlinge sou elkeen drie maande lank die klasse bywoon en die Departement het losiesbeurse beskikbaar gestel.

> "It is felt, however, that the money will be profitly expended if the objects in view are attained, namely, the spread of useful and remunerative employment and the cultivation of a spirit of industry in the homes of people."[2]

3. SAMEVATTING

In Natal het die beroeps- en tegniese onderwys dus gedurende die jare ontwikkel sodat dit in 'n paar inrigtings gekonsentreer is, behalwe natuurlik vir die beroeps- en tegniese onderwys wat sowel in al die staatsondersteunde as die staatskole volgens die voorgeskrewe leerplan voorsien is. Altesaam was daar in 1909 in die gebied 578 skole waarvan 57 deur die staat gestig en onderhou is; die ander is privaat- of kerkskole of ook skole onder toesig van komitees wat toelaes van R6.00 tot R1,000.00 per jaar ontvang het. Eers van 1910 af het die Afrikaner begin meeding met die ambagsman en tegnikus van die wêreld.[3]

4. ALGEMENE SAMEVATTING

Waar die onderwysowerhede in die vier Kolonies van Suid-Afrika direkte pogings aangewend het om beroepsonderwys en tegniese opleiding doelgerig te bevorder, is deurgaans gebruik gemaak van die gewone vormende skole, waaraan verbind is, sover die omgewing daarvoor gevra het, laboratoria en sentrums vir die onderrig van die handwerkvakke. Slegs in enkele groot sentra het tegniese en beroepskole hul verskyning gemaak

---

1. Superintendent van Onderwys; Jaarraport 1909, 8.
2. Ibid., 8 asook 1910, 17.
3. Stander: Beroepsonderwys in Suid-Afrika gesien in die lig van ons Industriële behoeftes met verwysing na die opleiding van Ambagsmanne, 47.

maar daar is nie sprake van grondslae wat die volk as geheel kon betrek nie. Menige latente tegnikus het in die gewone onderwys verdwyn en sy roeping totaal misgeloop. Die voorneme om beroepsonderwys te bevorder, het wel by die hoogste instansies sterk op die voorgrond getree, maar daar is besonder min op die gebied gepresteer omdat die gebiede deur aparte owerhede beheer is en die stelsels van onderwys uiteenlopend van aard was.

Dit kan met die grootste beslistheid gesê word dat die vier Koloniale owerhede in Suid-Afrika hopeloos gefaal het met hul beroepsopleiding van die onderskeie volke as in aanmerking geneem word dat die bedrywighede kort voor die Eerste Wêreldoorlog geldelike opflikkeringe oor die hele Britse Tyk bewerkstellig het. Armoede het die plattelandse volk bykans op die knie gehad en Engeland het geld voorsien om die verwoeste plase weer op te bou. Behalwe die goudmyne was daar weinig indien enige ander nywerheid wat werk aan opgeleide ambagslui kon bied. Die spoorweë in al vier die gebiede het hul eie werkers in hul werkwinkels opvoedkundig toegerus.

Tog is dit die doel van die onderwys om die ontwikkeling van die hele persoon, fisies, psigies en intellektueel ooreenkomstig sy vermoëns in die oog te hê. Verder moet die individu ook voorberei word om 'n waardige plek in te neem en dit vol te staan in die omgewing waarin hy geplaas is. Dat die beroepsopleiding wat tot 1910 voorsien is nie daarin geslaag het om sulke individue as werkers te kweek nie, val nie aan te twyfel nie.

Veral is aan die beheer van die onderwys vasgeklem om die politieke ideologie van elke geünifieerde gebied steeds verder te laat voortleef in die toekomstige generasies. In die volgende hoofstuk sal veral op die totstandkoming van vier onderwysgebiede binne die Unie van Suid-Afrika gelet word as gevolg van die beleid van kompromie waardeur die Natalse afvaardiging sy federale gedagte laat botvier het.